# HOOFSTUK 2

# DIE MODERNE UNIVERSITEIT IN DIE BRANDING

## 2.1 INLEIDING

Om die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO en moontlike faktore wat swak produktiwiteit aan die hand werk in verband te sien, moet die posisie en probleme van die moderne universiteit eers in oënskou geneem word. Perspektief op die moderne universiteit kan alleen verkry word as die ontstaan en ontwikkelingsgang van die universiteit deur die eeue, asook sy wese en funksies goed begryp word.

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee oor die ontstaan en ontwikkeling van die universiteit met die klem op sy wese en funksies deur die jare. Die ontstaan en ontwikkeling van die PU vir CHO word baie kortliks bespreek om sodoende lig te werp op die wese en funksies van die PU vir CHO in die besonder en die Christelike universiteit in die algemeen.

Die eise wat aan die moderne universiteit gestel word deur die gemeenskap, die staat, studente en dosente word in oënskou geneem en die probleme wat die moderne universiteit ondervind, word aan die einde van die hoofstuk bespreek. Die hoofstuk word afgesluit met 'n kort samevatting.

## 2.2 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE UNIVERSITEIT

### 2.2.1 DIE GRIEKS-ROMEINSE PERIODE

Onderwys van universitêre aard en standaard het begin toe die mens homself begin besig hou het met die abstrakte, met idees eerder as konkrete dinge. Die werk van die drie groot Griekse filosowe, naamlik Sokrates, Plato en Aristoteles het die eerste werklike denke van die hoër orde tot gevolg gehad (Coetzee, 1959, p. 4).

Sokrates het eintlik met hoër onderwys begin. Hy het jongmanne van Athene om hom vergader en hul menings oor sake en gebeure ingewin. Deur 'n reeks van logies opeenvolgende vrae het hy hulle dan gelei van hul onbewuste gebrek aan kennis tot 'n erkenning daarvan en langs dié weg tot die waarheid (Janssen en Visser, 1958, p. 11). In teenstelling met die Sofiste, wat in die mens self die skepper van sedelikheid en waarheid gesien het, het Sokrates vaste norme en beginsels met betrekking tot waarheid en deug gehad. Hy het egter nie geglo dat die mens van nature geneig is tot die kwaad nie, maar het aanvaar dat kennis vanself tot deug lei. Die doel wat Sokrates in sy onderwys nagestreef het, was voorbereiding vir deugsame burgerskap en hy het geprobeer om sy studente aan die dink te sit sodat hulle die wese van dinge kon ondersoek (Janssen en Visser, 1958, p. 10 - 11).

Plato, 'n student van Sokrates, het voortgebou op die sogenaamde Sokratiese metode van denke. Sy vaste onderwysplek, die sogenaamde "Akademie", was wyd bekend (Coetzee, 1959, p. 4 - 5). Waar die Sofiste in Plato se tyd slegs vir ~~die~~ onderwys voorsiening gemaak het, het Plato in sy Akademie ook aan opvoeding en navorsing aandag gegee. Alhoewel Plato in die eerste plek filosoof was, het hy die waarde van wetenskaplike navorsing besef (Field, 1948, p. 33). Hierdie drieledigheid in die akademiese taak van onderwys, opvoeding en navorsing wat in Plato se Akademie teenwoordig was word dikwels beskryf as die hooftaak van die universiteit. Plato en ander geleerdes wat na die Akademie gelok is, het onder meer navorsing in Wiskunde en Sterrekunde gedoen (Vogel, 1968, p. 28). Die opvoedingstaak van Plato se Akademie blyk uit die feit dat hy saam met sy studente in die Akademie gewoon het terwyl die karakter daarvan dié van 'n religieuse gemeenskap was (Kerr, 1972, p. 9).

Dreyer (1975, p. 1) beweer dat in weerwil van alle veranderinge wat die universiteit in die loop van die eeue ondergaan het, die hedendaagse universiteit sy oorsprong in die akademie van Plato gehad het. Coetzee (1971, p. 1) stel ook dat die bewering dat die universiteit 'n erfenis van die Middeleeue is, nie sonder meer as korrek bestempel kan word nie. Die Grieks-Romeinse periode

en die vroeg-Christelike periode het volgens hom 'n duidelike in= vloed op die universiteit van vandag uitgeoefen.

Aristoteles, 'n leerling van Plato, het die werk van sy twee groot voorgangers voortgesit in sy vaste werksplek, die sogenaamde Ly= ceum. Waar geleerdes tot by Plato die empiries gegewene verwaar= loos het, ja selfs geminag het, was die ervaring en sintuiglike waarneming vir Aristoteles die eerste bron van kennis. Hy het ook groot waarde geheg aan samewerking op akademiese gebied tus= sen geleerdes (Cobban, 1975, p. 16).

Die Akademie van Plato en die Lyceum van Aristoteles was dus die eerste vaste inrigtings van hoër onderwys en hulle doel was onder= wys en opvoeding van die heersers of leiers van die gemeenskap (Coetzee, 1959, p. 5).

Samevattend kan gesê word dat Griekeland reeds vanaf die sesde eeu voor Christus verskeie groot geleerdes soos Hippokrates, Pythagoras en die drie wat hierbo genoem is, opgelewer het. Sommige het hul eie onderwysinrigtings gehad en sommige stede, soos Athene, Rhodos en Alexandrië het beroemd geraak as gevolg van die akademies in hul midde (Coetzee, 1971, p. 1). So was die invloed wat destyds van Athene uitgegaan het geweldig groot en Athene het die leidende rol bly speel as die geliefde vergader= plek van studente tot en met die tweede eeu na Christus. Die akademiese onderwys was egter ongeorganiseerd en vrywillig (Laurie, 1886, p. 3 - 4).

Met die opkoms van die Romeinse Ryk het die drang na kennis, en gevolglik die invloed van die Hellenisme, al groter geword. Die Senaat van Rome wys in 161 voor Christus op die gevaar wat die Griekse filosofie inhou en in 93 voor Christus word in Rome weer die stem verhef teen die nuwe opvoeding wat die voorvaderlike sedes en gewoontes verdring. Dit kon egter nie die groter behoef= te na kennis en 'n fyner beskawing keer nie (Janssen en Visser, 1958, p. 19). Gedurende die tyd van keiser Augustus het die Griek= se en Romeinse opvoedkundige strome vervloei (Laurie, 1886, p. 2).

Die Griekse idealisme is getemper deur die Romeinse realisme. Waar die Griekse opvoeding in sy vroegste fase nie beroepsoplei= ding ten doel gehad het nie, maar wel persoonlikheidsontwikkeling, het die Romeine die hoër onderwys dadelik aan die praktiese lewe verbind, vandaar die ideaal van "humanitas". Die oorgang van die Griekse na die Grieks-Romeinse en vroeg Middeleeuse opvoeding was dus gekenmerk deur 'n toenemende klem op nuttigheid (Cobban, 1975, p. 3; Coetzee, 1971, p. 2: Laurie, 1886, p. 2).

Met die koms van staatsondersteuning vir hoër onderwys (onge= veer 170 na Christus) het daar ook vaster organisasie van hoër onderwys in die Romeinse Ryk gekom. Ten spyte hiervan het die gehalte van wetenskapsbeoefening nie verbeter nie. Die verstar= ring en vervlakking wat ingetree het, was so diepgaande dat fi= losofie in die middel van die tweede eeu reeds net 'n intellektuele spel in die Grieks-Romeinse inrigtings was, terwyl moraliteit 'n saak van gerief was. Die afwesigheid van morele erns in die soeke na abstrakte waarhede het veroorsaak dat gesonde opvoeding in ander studiegebiede ook verdwyn het. Woorde het die plek in= geneem van dinge en vorme die plek van realiteite. Die kuns van die retor het die sentrale plek beklee (Laurie, 1886, p. 13).

Ten spyte van pogings deur verskeie keisers om wetenskapsbeoefe= ning te stimuleer, het die verval voortgeduur. Die Grieks-Ro= meinse opvoeding het, behalwe in die geval van die Regte, opge= hou om die geestelike of materiële belange van die mens te bevor= der. Die oorsake van die verval was te diep om deur wette en regulasies van keisers verander te word. Alhoewel die Christen= dom met sy siening van die doel van die menslike lewe lynreg teen die Hellenistiese en Romeinse opvoeding gestaan het, kan die re= de vir die verval van die Grieks-Romeinse opvoeding nie voor die deur van die Christendom gelê word nie. Sonder 'n filosofiese hernuwing, wat aan 'n revolusie sou grens, sou die Grieks-Romein= se opvoeding in elk geval nie kon stand hou nie (Laurie, 1886, p. 14 - 17).

Die Romeinse opvoedingsprestasie lê daarin dat hy die Hellenis= tiese beskawing na Christelike Europa gebring het; sy eie bydrae

was egter nie baie groot nie (Cobban, 1975, p. 1).

### 2.2.2 DIE VROEG-CHRISTELIKE PERIODE (± 300 NA CHRISTUS TOT 1000 NA CHRISTUS)

Teen 300 na Christus was die Romeins-Hellenistiese idees uitge= dien en die filosofiese en literêre bewegings het hulleself uit= geput. Inspirerende gedagtes en doelstellings het nie meer be= staan nie en alle intellektuele aktiwiteit, uitgesonderd die Regte, was in die hande van Christelike skrywers. Hoewel die Christendom in 'n sekere sin bygedra het tot die verval van die Grieks-Romeinse kultuur, het die Christendom weer die krag gehad om 'n verdieping te bring en sake op beginselgrondslag te deur= dink. Opvoeding het nou begin om 'n nuwe dimensie te kry, naam= lik met die oog op voorbereiding vir die ewige lewe.

Die Christelike idee van die opvoeding, wat vir 'n aanvanklike op= lewing gesorg het, was egter te beperk en het geneig om die mens se intellektuele belangstellings net op die hiernamaals te konsen= treer. Die doel van die opvoeding was die heil van die siel wat veral verkry kon word deur die versaking van hierdie wêreld en deur geloof. Onder die intelligentsia het die "geloof" baie keer verval tot blote intellektuele aanvaarding van dogma, en tot lig= gelowigheid en bygeloof onder die massas. Versaking van hierdie wêreld het weer verval in asketisme (Laurie, 1886, p. 24 - 25).

Die vroeëre bronne van kennis, naamlik die klassieke Griekse en Latynse werke, was verdoem omdat dit van heidense oorsprong was. Dit het baie eeue geduur voordat die breinvrug van vroeër jare weer gebruik is. Die vertolking van die wetenskap is sterk beïn= vloed deur die Roomse Kerk en dié kerk se toesig oor die onder= wys het vanaf die vyfde eeu oorgegaan in 'n verstarring. 'n Valse sensuur is op geleerdheid toegepas (Coetzee, 1971, p. 3).

Die eerste duisend jaar van die Christelike era was 'n periode van politieke onstabiliteit en onderdrukking. Die waarde van die kloosters het in die tyd daarin gelê dat hulle kennis deur die eeue bewaar het. Hulle het egter geen oorspronklike bydrae tot

die wetenskap gelewer nie (Van Riessen, 1963, p. 25).

Tussen die jare 1000 en 1150 het Westerse geleerdes weer bewus geraak van die groot massa klassieke leerstof wat vir bykans 'n duisend jaar stof vergader het. Die proses van aanpassing en gedeeltelike versoening tussen die gepolariseerde inhoud van die klassieke en Christelike denke, het een van die hoofgebiede van intellektuele aktiwiteit in die voor-hervormingstydperk geword (Cobban, 1975, p. 1).

## 2.2.3 DIE MIDDELEEUE

### 2.2.3.1 INLEIDING

Die moderne Westerse universiteit is grootliks 'n produk van die Middeleeue (Pauw, 1975, p. 14, Rashdall, 1936, p. 3).

In die geskiedenis van die Westerse universiteit is daar twee definitiewe hoogtepunte. Die eerste is tussen die twaalfde en vyftiende eeu toe hy sy beslag gekry het en die tweede hoogte= punt is die groot deurbraak in die negentiende eeu (De Vleeschau= wer, 1967, p. 5).

Die begin van die elfde eeu verteenwoordig die keerpunt in die intellektuele geskiedenis in Europa. Aan die einde van die elf= de eeu was daar 'n opmerklike ontwaking in die opvoedkundige akti= witeit wat deel was van 'n wyer ontwaking wat later die twaalfde-eeuse Renaissance genoem is. 'n Nuwe gees van ondersoek en ont= dekking was in kerk en kultuur voelbaar. Daar was 'n hunkering na hoër hoogtes as wat deur die kloosterskole bereik is (Rashdall, 1936, p. 35).

Abelard (1079 - 1142) het die werk van die kerkvaders versamel en gesistematiseer. Dit is of die stroom vanaf die klassieke tra= disie en die kerklike visie by hom tot 'n eenheid kom. Sy arbeid het 'n groot bydrae gelewer tot die organisasie wat ons vandag die universiteit noem (Rashdall, 1936, p. 64 e.v.).

2.2.3.2 BETEKENIS VAN DIE WOORD "UNIVERSITEIT"

Voordat daar verder na die ontwikkeling van die universiteit ge=kyk word, moet die betekenis van die woord "universiteit" eers nagegaan word. Hoewel die woord universiteit soms gebruik word asof dit sien op die universaliteit van die leerstof (universitas facultatum), was dit nie die oorspronklike betekenis van die woord nie. Universitas was 'n algemeen voorkomende woord in die twaalfde tot veertiende eeue wat 'n wye betekenis gehad het, naam=lik van 'n versameling persone wat dieselfde belange het. Wanneer toegepas op akademiese gebied het die woord universitas verwys na die liggaam van leermeesters en studente. Die eenheidsorga=nisasie van dosente en studente is eers teen die einde van die vyftiende eeu vry algemeen deur die woord universitas aangedui. Die Middeleeuse term wat die beste ooreenstem met ons begrip van 'n universiteit, is "studium generale". Studium generale het ook nie beteken dat dit 'n plek is waar alle vakke bestudeer is nie, maar wel 'n plek waar studente van alle streke ontvang is (Cobban, 1975, p. 22 - 25, Rashdall, 1936, p. 4 - 6).

Die term "studium generale" is eers teen die begin van die dertien=de eeu algemeen gebruik. Eers was die term vaag en ondefinieer=baar, maar dit het hoofsaaklik drie eienskappe gehad: dit het studente uit 'n wye gebied genooi of getrek; dit was 'n plek van hoër onderwys en ten minste een van die volgende vakke is daar onderrig, naamlik Teologie, Regte of Medisyne; en derdens is vakke deur 'n hele aantal dosente onderrig (Rashdall, 1936, p. 7).

Teen die helfte van die vyftiende eeu is "universitas" en "studium generale" as sinomieme gebruik en het laasgenoemde mettertyd in onbruik geraak (Rait, 1931, p. 11).

Vandag het universiteit die betekenis van 'n vereniging van dosen=te en studente wat sekere grade kan toeken wat deur die staat er=ken word.[1]

---

1) Vir meer inligting oor die wese van die universiteit, verge=lyk 2.3.2.

### 2.2.3.3 OORSAKE VIR DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE UNIVERSITEIT IN DIE MIDDELEEUE

Die intellektuele oplewing in die elfde en twaalfde eeue het ver= skeie oorsake gehad.

Die arbeid van groot denkers soos Abelard en Aselm, asook die ont= dekking van die verlore werke van Aristoteles, het 'n groot bydrae hiertoe gelewer (Rait, 1931, p. 6).

Die kruistogte het die Ooste en die Weste in aanraking met mekaar gebring en 'n internasionale band van kennis is bevorder. Dit het stimulerend op die menslike gees en denke ingewerk (Pauw, 1975, p. 15). Die Ooste het dus wel deeglik 'n invloed op die vroeë Wes= terse universiteit uitgeoefen (Laurie, 1886, p. 99).

Die koms van die universiteit was egter ook in 'n groot mate die produk van sosiale en ekonomiese ontwikkelings. In Europa het die stede begin groei en die feodale riddermaatskappy het getaan. Met die opkoms van die stede moes die agraries-feodale samelewing van 'n standemaatskappy omvorm word tot 'n werkgemeenskap van beroe= pe. Vir eeue lank het die katedrale en kloosterskole net aan bevoorregte enkelinge onderrig verskaf in die sogenaamde Sewe Vrye Kunste en teoloë opgelei. Met die opkoms van die stede moes voor= siening gemaak word vir hoër beroepsbekwaming aan 'n groter aantal mense (De Vleeschauwer, 1967, p. 6). Die eis van spesialisasie en die feit dat vroeë universiteite wel gespesialiseerde onder= rig verskaf het (Salerno in Geneeskunde, Bologna in Regte en Pa= rys in Teologie en Filosofie), het groot getalle studente na die inrigtings getrek en hulle groei gestimuleer (Laurie, 1886, p. 101).

### 2.2.3.4 DIE GROEI EN ONTWIKKELING VAN DIE MIDDELEEUSE UNIVERSI= TEIT

Die Middeleeuse universiteit het sy oorsprong gehad as 'n los ver= eniging van leermeesters en studente. Dit het nie geboue, biblio= teke of apparaat gehad nie en kon maklik van staanplek verander. Die universiteit het toe sterk gestaan omdat dit aan geen plek of besit gebonde was nie (Stellingswerf, 1971, p. 143). Sy armoe=

de was juis sy sterkte omdat dit onafhanklik was. As toestande ongunstig geword het, het dosente en studente na 'n ander plek ge=trek. Meer as een universiteit is op hierdie wyse gestig (Sige=rist, 1946, p. 56). Dit was 'n vrye vereniging van dosente en studente. Die kerk of staat het dit nie geïnisieer nie en het ook nie daaroor seggenskap gehad nie, maar dit was die uitvloei=sel van private inisiatief (Van Riessen, 1963, p. 26). Dit het studente ook vrygestaan om van een universiteit na 'n ander te trek om verskillende leermeesters aan te hoor. Laasgenoemde het ook vryelik van een plek na 'n ander gegaan. Die internasionalis=me is bevorder deur die feit dat Latyn oral in die beskaafde Wes=terse wêreld die voertaal was en almal aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort het (Pauw, 1975, p. 31).

Die funksie van die universiteit was toe die algemene intellektu=ele vorming van jongmanne wat in studie belang gestel het. Die versameling dosente en studente was heeltemal afgesny van die be=volking en het geleef in 'n "ivoortoring", ver verwyderd van die alledaagse menslike stryd en probleme (Coetzee, 1959, p. 5). Die funksie van die universiteit in sy vroeë wordingsjare staan dus in skerp teenstelling met die sterk beroepsgerigte en nutsfunksie van die universiteit van vandag.

Die algehele onafhanklikheid van die universiteit van die kerk en staat sou egter nie lank duur nie. As korporasie het die uni=versiteit langsamerhand besittings verwerf. Dit het bestaan uit kapitaal, geboue, landerye en boeke (Stellingwerff, 1971, p. 143). Soos die universiteite gegroei en besittings verwerf het, het hulp van buite nodig geword. Die hulp moes kom van die pous en die keiser en later van die heerser van die land. Met die ampte=like erkenning van die universiteit, inperking van die aantal dosente en die betaling van salarisse aan dosente het die univer=siteit 'n nasionale instelling geword (Stellingwerff, 1971, p. 143).

Hoewel die geleentheid nou geskep was vir staatsinmenging in die sake van die universiteit, het die universiteit nog besondere voorregte geniet. Dit het ingesluit die vrystelling van militê=re diens en belasting, die reg om grade toe te ken en lesings op

te skort as universiteitsvoorregte bedreig word (Van Riessen, 1963, p. 27).

Die eerste vaste inrigtings wat die naam universiteit kon dra, was die inrigtings te Bologna (1158) en Parys (1180). Dié inrig=tings het as hoofdoel gehad die studie van die Teologie en die opleiding van die geestelike stand. Opleiding is egter ook gegee in die Onderwys, Regte en Medisyne. Dít was ook die karakter van die ander universiteite wat in die dertiende, veertiende en vyftiende eeu gestig is, soos Oxford, Cambridge, Sorbonne, Keulen, Leipzig, Leuven, Glasgow en Uppsala (Muth, 1948, p. 8). Voor 1500 het die pous aan sowat 60 universiteite 'n pouslike bul ver=leen waardeur hierdie studia generalia internasionaal erkende in=stellings geword het. Waar in die twaalfde eeu eintlik net die universiteite te Bologna en Parys bestaan het, het in die dertien=de eeu 20 tot stand gekom, in die veertiende eeu 25 en in die vyf=tiende eeu 30 (Compayré, 1893, p. 49, Stellingwerff, 1971, p. 143).

### 2.2.3.5 DIE INVLOED VAN DIE MIDDELEEUSE UNIVERSITEIT OP DIE UNIVERSITEIT VAN VANDAG

Uiterlik het die Middeleeuse universiteit nog groot invloed op die universiteit van vandag. Dink in dié verband maar aan die samestelling van die senaat, die toekenning van grade en die dra van togas. Coetzee (1971, p. 7) poneer dat wat die Middeleeuse universiteit betref die verlede waarlik in die hede leef.

Die outonomie van die Middeleeuse universiteit leef vandag nog voort in ons universiteite. Alhoewel die Middeleeuse universi=teit nie vry van die inmenging en seggenskap van die pous was nie, het werklike inmenging baie selde plaasgevind. Die Middeleeuse universiteit is beskou as verdediger van die geloof en die univer=siteit het op sy beurt met vertroue na Rome opgesien (Laurie, 1886, p. 184 - 186).

'n Belangrike kenmerk van die Middeleeuse universiteit was intel=lektuele aktiwiteit en logiese denke. Baie groot klem is op die korrekte woorde en gedagtes gelê en die dertiende eeu het bekend

gestaan as die eeu van die skolastiek (Cobban, 1975, p. 40). Empiriese ondersoeke het feitlik nooit plaasgevind nie en bestaan=de boeke is gebruik om na die waarheid te soek. Daar is egter logies-denkend te werk gegaan (Pauw, 1975, p. 56 - 57). Die skerpheid en presiesheid van denke word in die hedendaagse uni=versiteit nog nagestreef.

Die beroepstaak van die universiteit van vandag het in die Middel=eeuse universiteit reeds sy beslag gekry. Die opkoms van die Wes=terse universiteit in die Middeleeue het juis saamgeval met die opkoms van die stede. Dit het nuwe beroepseise gestel. Die Mid=deleeuse universiteite was geen beroepskole nie, maar het tog wetenskaplike voorbereiding daartoe gegee (Pauw, 1975, p. 60). Laasgenoemde stelling word daardeur gesteun dat sekere universi=teite bekend geraak het vir die opleiding wat hulle in sekere toegepaste wetenskappe gegee het, soos die Regte (Bologna) en die Medisyne (Salerno). Die ekonomiese produk van die universiteit was beroepsleiding tot kerklike en wêreldse ampte. Verder het die Artesfakulteit 'n algemene ensiklopediese opleiding verskaf wat kon lei tot verdere studie. Maatskaplike beroepe soos nota=ris, koopman en sekretaris het gebaat by die studie van brief=skrywery en akte-opstelling (Stellingwerff, 1971, p. 139).

Die opleiding tot beroepe impliseer dat die Middeleeuse univer=siteit maatskaplik betrokke was. Diens is aan die maatskappy ge=lewer. Sekere dinge is weer aan die maatskappy ontleen, soos daaruit blyk dat die bestuursvorm van die universiteit die orga=nisasie van die gildes van die tyd weerspieël. Die universiteite se deure het vir elkeen oopgestaan en nie net die elite het op=leiding ontvang nie. Spesiale voorsiening is vir arm studente gemaak en die universiteit het 'n ontmoetingsplek vir alle stan=de geword (Cobban, 1975, p. 198, 219 en 220; Stellingwerff, 1971, p. 143).

Die Middeleeuse universiteit het ook 'n sterk vormingsfunksie ge=had. Sterk klem is gelê op 'n wye skoling (dink aan die sogenaam=de Sewe Vrye Kunste). Beroepsopleiding was ook nie praktiese afrigting vir die uitvoering van bepaalde take nie, maar 'n breë

vorming in die betrokke wetenskap. Die tradisie van die Sewe Vrye Kunste het daarop gedui dat 'n hoë premie op behoorlike geesteskoling geplaas is (Pauw, 1975, p. 61 - 62).

Dit blyk dus dat die meeste van die funksies wat vandag van die universiteit verwag word, naamlik opvoeding, diens aan die gemeen=skap, die vermoë om krities te dink en beroepsopleiding, reeds by die Middeleeuse universiteit sy beslag gekry het. Dit val egter op dat navorsing by die Middeleeuse universiteit ontbreek het.

## 2.2.4 DIE RENAISSANCE-HUMANISTIESE PERIODE

Gedurende die laat Middeleeue het die aantal universiteite vinnig toegeneem. Universiteite het hul internasionale karakter verloor en is al meer beskou as integrale dele van die polities-territo=riale eenhede. Die kerk het sy houvas begin verloor en sekulêre owerhede het 'n al sterker houvas op die universiteit verkry. In die laat Middeleeuse universiteit was die dosent feitlik 'n staatsamptenaar. Die skolastiek het al minder bevredig omdat die inhoud nie voortdurend vernuwe is nie en die klem hoofsaaklik op bestaande kennis geval het (Cobban, 1975, p. 46, 119).

Vanaf ongeveer die helfte van die vyftiende eeu het die Renais=sance en Humanisme 'n belangrike rol in Europa begin speel. Daar was 'n oplewing en belangstelling in kultuur en nuwe kennis. Nu=we idees was aan die orde van die dag. 'n Nuwe sosiale en ekono=miese orde het die fondamente van die Middeleeue geskud. Dit het 'n oproep op die individuele mens gemaak en hom in opstand gebring teen die tradisionele owerhede. In plaas daarvan dat die universiteit die leiding geneem het, is daar desperaat aan die Middeleeuse gebruike vasgeklem. Die meeste universiteite het vestings van konserwatisme geword (Sigerist, 1946, p. 56).

Vernuwing en ondersoek wat wel in hierdie tyd plaasgevind het, het geskied aan die sogenaamde akademies. Dit was geslote ge=selskappe wat gereeld bymekaargekom het en waar voordragte gele=wer en besprekings gevoer is. Akademielede het ook met mekaar

gekorrespondeer. Hierdie akademies het geen onderrigtaak gehad nie en alle onderrig van hoër aard het nog aan universiteite plaasgevind (Pauw, 1975, p. 65).

Gedurende hierdie tydperk het die universiteit wel net die intel= lektuele boonste groep onderrig, maar die inhoud het minder teo= logies en meer humanisties geword. Die argumente wat Johannes Calvyn later in sy pleidooi vir die stigting van 'n akademie vir studie in Genève geopper het, illustreer die nuwe tendens in den= ke oor die waarde van hoër onderwys. Sekulêre onderwys was vir hom om drie redes nodig. Eerstens moes dit publieke administra= sie verseker, tweedens moes dit die Christendom bewaar en derdens moes dit help om menslikheid tussen mense te behou - al drie is in wese sosiale redes (Coetzee, 1959, p. 6).

In wese het die Renaissance-Humanisme van die vyftiende en ses= tiende eeu nie 'n baie groot invloed op die Christelike onderwys van die universiteite uitgeoefen nie, veral as gevolg van die oorheersende invloed van die Katolieke Kerk. Die oorheersende Christelike karakter van die universiteit het voortbestaan tot die sewentiende eeu (Coetzee, 1954, p. 2 - 3). Baie lidmate van dié kerk was egter humaniste wat net uiterlik aan die kerk bly hou het, maar in wese het hulle tog van die Christendom ver= wyder geraak (Cobban, 1975, p. 47).

### 2.2.5 DIE UNIVERSITEIT VAN DIE SEWENTIENDE EEU

Gedurende die sewentiende eeu het die Westerse universiteit sy laagtepunt bereik. Die universiteit het in hierdie tydperk nie vrye ondersoek en wetenskapsbeoefening bevorder nie, maar het ge= dien as 'n instrument ter onderdrukking daarvan. Tussen die uni= versiteit en die destydse wêreld met sy oë op onderwerping van die natuur het 'n diep kloof ontstaan. Daar het 'n klimaat van verdenking en selfs van vyandigheid tussen universiteit en gemeen= skap geheers. Die universiteit het bloot 'n liggaam geword wat ou kennis oordra. As navorsingsorgaan was dit teen die middel van die sewentiende eeu morsdood (De Vleeschauwer, 1967, p.10). Dit het veroorsaak dat die nuwe sentra vir die beoefening van

die wetenskap, naamlik die akademies, gegroei het (Sigerist, 1946, p. 57).

Die vraag ontstaan onmiddellik hoe die Hervorming en die terugkeer na die Bybel die universiteite beïnvloed het in die tyd waarin die Humanisme so sterk gestaan het. Die meeste universiteite was reeds meegesleur in die stroom van Humanisme en verskillende pogings is aangewend om hierdie koers van die universiteit te verander. Verskillende hervormde universiteite is gestig terwyl daar geprobeer is om bestaandes soos dié te Leipzig, Heidelberg, Jena, Basel, Genève en Leiden, te hervorm. Dit was vir die her=vormers van die universiteite egter baie moeilik om hulle totaal los te maak van die humanistiese gees van daardie tyd. 'n Terug=keer na die Skrif op universiteit het nie net 'n nuwe teologie vereis nie, maar 'n hele nuwe filosofie (Van Riessen, 1963, p. 36). Die Protestantse universiteite het egter hoofsaaklik gedien as sentra wat moes sorg dat die leer van die kerk suiwer bewaar bly. Streng beheer is in hierdie opsig oor die universiteit uitgeoe=fen en dit het die gevolg gehad dat nuwe idees moeilik kon gedy (Pauw, 1975, p. 68).

Aanvanklik het die hervormde universiteit met die Humanisme saam=gewerk om die Skolastiek te beveg. Toe dit blyk dat die Humanis=me moeilik met die doelstellings van die Hervorming te versoen is, het die Hervormers die Humanisme probeer beveg deur die ge=skrifte van Aristoteles as leerstof op die universiteit in te voer. Dit was 'n terugwaartse stap wat die Humanisme stewig in die saal geplaas het (Van Riessen, 1963, p. 36).

Dit blyk dus dat die universiteit van die sewentiende eeu nie aan die eise van sy tyd kon voldoen nie en deur verstarring geken=merk is.

### 2.2.6 DIE UNIVERSITEIT VAN DIE AGTIENDE EEU

Die agtiende eeu kan genoem word die eeu van Rasionalisme, van Verligting (Cobban, 1975, p. 100; Janssen en Visser, 1958, p. 100).

Nå die Franse Revolusie het 'n sterk middelklas in Europa na vore getree. Dit het 'n behoefte aan nuwe universiteite laat ontstaan. Die Rasionalisme het lewe in die universiteitswese geblaas sodat universiteite, nå die insinking van die sewentiende eeu, weer aktief begin word het. Van die belangrikste vernuwings wat in die universiteit van die agtiende eeu ingetree het, was dat Latyn as onderrigmedium laat vaar is en dat vryheid van ondersoek en onderrig in die plek van die gebondenheid van onderrig gekom het. Nuwe kurrikulums is ontwerp, ou gebruike is links laat lê en na= vorsers het na die universiteite teruggekeer (Pauw, 1975, p. 70; Sigerist, 1946, p. 59).

In baie lande het die vernuwingsproses egter stadig verloop om= dat dit moeilik was om uitgediende inrigtings te hervorm of te sluit. Die patroon van die moderne universiteit is egter neerge= lê. Studente is toe onderrig deur mense wat aktief met navorsing besig was en die wetenskap het vinnig vooruitgegaan. Dit het op sy beurt gelei tot toenemende spesialisasie in navorsing en onder= rig (Sigerist, 1946, p. 59).

Kotschnig (1969, p. 4 - 5) voer aan dat die aanvaarding van die rede as arbiter tussen waarheid en die leuen aan universiteite die stimulus gegee het om op te bloei. "Rede" is egter spoedig deur sy tweelingbroer "bruikbaarheid" vervang. Dit het tot ster= ker staatsinmenging aanleiding gegee en die belangrike taak van die universiteit, naamlik dié van ontdekking en oorpeinsing van die waarheid, is heeltemal oorsluier. Daar het in dié tyd ook voorstelle gekom dat universiteite vervang moet word deur profes= sionele en tegniese skole.

Teen die laaste helfte van die agtiende eeu het daar, veral onder die invloed van die Naturalisme en Realisme, 'n nuwe element in die universiteitswese gekom, naamlik die eksperimentele verifika= sie van kennis (Coetzee, 1959, p.5). Dit het in 'n groot mate die weg gebaan vir die veranderinge wat die universiteit in die ne= gentiende eeu sou ondergaan.

### 2.2.7 DIE UNIVERSITEIT VAN DIE NEGENTIENDE EEU

Die universiteit het in die negentiende eeu 'n geweldige deurbraak gemaak; sodanig dat die hedendaagse universiteit - wat sosiale prestige betref - by die groot liberale universiteit van die ag= tiende eeu terugstaan (De Vleeschauwer, 1967, p. 5).

Voor die negentiende eeu was die hoofnavorsingsmetode die logie= se denkmetode van Aristoleles. Die positiwistiese en natuurwe= tenskaplike bewegings van die negentiende eeu het die moderne na= vorsingsmetode, naamlik gekontroleerde waarneming van gebeure, bekend gestel. Die metode wat in die natuurwetenskappe ontwikkel is, is later ook toegepas op die menswetenskappe. Eksperimente= le en statistiese metodes het die logiese redenasiemetodes ver= vang (Coetzee, 1959, p. 6). Die sogenaamde natuurwetenskaplike metode het die wetenskapsbeoefening laat opbloei en die skouspel= agtige navorsingsresultate het die navorsingsfunksie van die uni= versiteit weer beklemtoon. Onderrig en navorsing aan universi= teite sou voortaan as onafskeibaar beskou word (De Lange, 1975, p. 32 - 33).

'n Tweede belangrike ontwikkeling wat die universiteitswese in die negentiende eeu sterk beïnvloed het, was die opkoms van die nasio= nalisme en sosialisme, wat later, langs demokratiese weë tot die sosialisering van die opvoeding aanleiding gegee het (Coetzee, 1959, p. 6). Daar is toenemend klem gelê op kennis wat vir die land en volk bruikbaar is. Universiteite moes verder oopstaan vir jongmense uit elke samelewingsfeer en die universiteit moes diens aan die gemeenskap lewer. Die sterk beklemtoning van die nuttigheidswaarde van die universiteit het die universiteit so diep geraak dat daar onsekerheid ontstaan het oor wat die funksie van die universiteit is; 'n onsekerheid wat in 'n groot mate van= dag nog bestaan (Pauw, 1975, p. 76; Sanders, 1959, p. 99 - 100).

Die ontkerstening van die universiteit wat in die tweede helfte van die agtiende eeu begin het, het in die negentiende eeu groter afmetings aangeneem. Die eksakte natuurwetenskappe het 'n bloei= tydperk beleef en die Teologie van die ereplek aan die univer=

siteit afgestoot. Evolusionistiese natuurwetenskaplikes het 'n groot invloed op die universiteit begin uitoefen en vrysinnige filosowe het die Teologie beïnvloed. Meer en meer ongelowige ge=leerdes het leerstoele aan universiteite gevul (Coetzee, 1954, p. 3).

Waar die universiteit sedert sy ontstaan in die vroeë Middeleeue deurentyd 'n sterk Christelike karakter gedra en vir 'n groot deel van sy bestaan onder beheer van die Roomse Kerk gestaan het, het dit in die negentiende eeu verwêrelds. Waar daar gedurende die Reformasie verskillende universiteite op Calvinistiese grondslag ontstaan het, het hierdie toestand in die agtiende en negentiende eeu verander sodat daar teen die einde van die negentiende eeu omtrent geen reformatoriese geluide van universiteite gehoor is nie (Duvenage, 1977, p. 10).

Ook in die Calvinistiese Nederland het die openbare universiteit in die negentiende eeu heeltemal liberaal geword - selfs die ou Christelike universiteite soos Leiden, Groningen en Utrecht. Dit het gelei tot die stigting van "Die Vrye Universiteit" van Amsterdam in 1880, wat vry was van liberalistiese neutraliteit, vry van staatsbeheer en vry in die vergestalting van sy Christe=like beginsel in die onderrig en beoefening van die wetenskap (Coetzee, 1954, p. 5).

### 2.2.8 DIE UNIVERSITEIT VAN DIE TWINTIGSTE EEU

Vervolgens word die universiteit van die twintigste eeu kortliks in oënskou geneem, aangesien die hedendaagse universiteit verder (par. 2.6 en 2.7) deeglik van nader beskou sal word.

Met die aanbreek van die twintigste eeu was die Westerse univer=siteit grootliks ontkersten. Die moderne, liberale universiteit bevat 'n versameling mense wat geen gemeenskaplike lewens- en wê=reldbeskouing het nie (Duvenage, 1977, p. 10; Moberly, 1949, p. 26).

Die natuurwetenskappe en tegnologie figureer baie sterk in die

twintigste-eeuse universiteit. Daar is sprake van 'n "tegnologiese ontploffing" wat voortdurend nuwe eise aan die universiteit stel (Bowen, 1966, p. 42; Jacobsz, 1975, p. 22).

Die eis om spesialisasie, klem op die nuttigheidswaarde van kennis en diens aan die gemeenskap figureer ook sterk by die twintigste-eeuse universiteit. Beroepsvoorbereiding en selfs -opleiding het dan ook 'n belangrike funksie van die Westerse universiteit geword (Jacobsz, 1975, p. 25; Marais, 1975, p. 3).

Die hedendaagse universiteit is voorts gedemokratiseer en op die spoor van ekonomiese welvaart stroom studente toenemend na universiteite. Universiteite het soos paddastoele verrys en alle landsburgers is by die universiteit betrokke, hetsy as belastingbetalers aan die staat wat universiteite grootliks onderhou, hetsy as werkgewers wat op universiteite aangewese is vir werknemers in die hoër kategorieë, hetsy as studente wat universiteite besoek, ensovoorts - met die gevolg dat feitlik iedereen aanspraak maak op seggenskap in en oor die universiteit (Moon, 1966, p. 56; Pauw, 1975, p. 100 - 101).

### 2.2.9 SAMEVATTING

Die Griekse filosowe (Sokrates, Plato, Aristoteles en andere) was in die geskiedenis van die Westerse beskawing die baanbrekers in denke van 'n hoër orde. Hulle het studente om hulle vergader om die student op induktiewe en deduktiewe denkwyse tot kennis, waarheid en deug te lei. Die Romeine het gesorg dat die kennisskat behoue bly en het ook 'n nuttigheidsfunksie daaraan toegevoeg.

Die Westerse universiteit het in die elfde en twaalfde eeu begin vorm aanneem. Teen die eerste helfte van die dertiende eeu het universiteite gefloreer. Dit was egter 'n vrye assosiasie van leermeesters en studente wat geen eiendom soos geboue of 'n vaste werkplek gehad het nie; die universiteite was toe heeltemal onafhanklik.

Toe die universiteit begin besittings verwerf het, het hy van sy onafhanklikheid ingeboet en het die kerk en staat seggenskap oor hom begin kry. Die leerstof het in 'n groot mate bestaan uit die ou klassieke werke.

Met die aanbreek van die Renaissance het die universiteit nie die leiding geneem nie, maar bly vashou aan die tradisionele leerstof en gebruike. Dit het veroorsaak dat navorsing aan ander inrigtings plaasgevind het en die universiteit tot in die sewentiende eeu weinig status gehad en invloed uitgeoefen het.

Met die opkoms van die Rasionalisme, Naturalisme en Realisme het die universiteit weer begin lewe sodat dit in die negentiende eeu 'n bloeitydperk beleef het en 'n groot verskeidenheid groot liberale universiteite tot stand gekom het.

Daarmee is die ontkersteningsproses van die universiteite, wat in die agtiende eeu begin het, voltrek. Waar die leerstof aanvanklik baie teologies van aard was, het dit later meer humanisties geword en het die natuurwetenskappe en tegnologie vanaf die negentiende eeu toenemend in die kurrikulum gefigureer.

Waar die universiteit in sy beginjare 'n breë, algemene vorming aan studente gegee het, het die eise om uitbreiding van kurrikulums, spesialisasie en beroepsopleiding geleidelik sterker geword. Gepaard hiermee het hoër lewenstandaarde en gemeenskappe met steeds toenemende en uiteenlopende behoeftes gelei tot groter aanvraag om universiteitstudie, maar ook - noodwendig - tot geldelike steun aan die universiteit. Hiermee het staat en gemeenskap toenemende seggenskap in en oor die universiteit geëis. Laasgenoemde het op sy beurt gelei tot 'n stortvloed van uiteenlopende eise aan die universiteit.

Soos blyk uit die geskiedenis van die universiteit was onderrig altyd 'n funksie van die universiteit terwyl navorsing eers met verloop van tyd funksie geword het. Vandag word veral vrae gevra betreffende die doeltreffendheid en produktiwiteit van onderrig.

## 2.3 DIE WESE EN FUNKSIES VAN DIE UNIVERSITEIT

### 2.3.1 INLEIDING

In die bespreking wat hierna volg word onder die wese van die universiteit sy eie aard wat kenmerkend van hom alleen is ver= staan. Onder die funksies van die universiteit word verstaan sy interne aktiwiteite en aktiwiteite op die verskillende lewens= terreine.

### 2.3.2 DIE WESE VAN DIE UNIVERSITEIT

Dit was in die loop van die ontwikkeling van die universiteit nog altyd moeilik om te definieer wat onder "universiteit" verstaan word. Die oorspronklike betekenis van die woord "universiteit" (universitas) is in par. 2.2, hierbo, weergegee. Die universi= teit verander egter voortdurend omdat die gemeenskap en wetenskap verander, sodat die universiteit lankal nie meer is wat oorspronk= lik in die Middeleeue met "universitas" bedoel is nie.

Volgens verslae en navorsingsresultate vanoor die hele wêreld oor hierdie onderwerp blyk dit dat daar eenstemmigheid oor darem een gemeenskaplike faktor by die universiteit bestaan, naamlik dat dit ŉ inrigting is waar die wetenskap beoefen word en waar studente onderrig word. Hierdie skynbaar eenvoudige definisie word in die praktyk op baie verskillende maniere vertolk, hoofsaak= lik omdat so ŉ vertolking religieus en/of filosofies bepaald is. Om hierdie rede is veralgemening baie moeilik en word dit die taak van elke universiteit om te bepaal presies wat hy is en wat sy funksies is (Preller, 1977, p. 280).

Die sogenaamde Van Wyk de Vries-kommissie (Hoofverslag van die kommissie van ondersoek na die universiteitswese) stel dit so: "Die universiteit in Suid-Afrika is ŉ korporasie (universitas) deur ŉ wet van die Parlement in die lewe geroep, met regspersoon= likheid beklee, met die doelstelling om op tersiêre vlak die we= tenskap te beoefen en ŉ sentrum te wees vir geleerdheid, onderrig en opvoeding en met die besondere bevoegdheid om grade toe te

ken." (R.S.A., 1974a, p. 132).

Volgens Brook (1965, p. 15) is daar drie eienskappe wat die uni=versiteit besit wat hom van ander inrigtings onderskei.

Eerstens is daar 'n verskil in bereikingsvlak: 'n universiteit mag vir geen ander inrigting terugstaan wat standaard betref nie.

Tweedens is daar 'n verskil in gebied: op universiteit is dit moontlik om 'n wye verskeidenheid onderwerpe te bestudeer, maar die idee dat alle onderwerpe op universiteit bestudeer moet word, is 'n etimologiese fout.

In die derde plek het die universiteit 'n onderskeidende karakter van navorsing en onderwys.

Bingle (1969, p. 261) sluit aan by die eerste vereiste van Brook vir 'n universiteit. Volgens hom is die universiteit in wese 'n plek vir geleerdheid. Nie alle mense is daartoe in staat nie omdat hulle nie die verstandelik-geestelike aanleg of vermoë het nie. Na sy aard kan die universiteit nie 'n volkskool wees nie. As die universiteit toegee aan eise wat op tegniese vlak lê, of aan eise vir die opleiding van 'n bepaalde beroep of aan ander eise, wat ewemin van diepgaande intellektuele aard is, word stan=daarde aangetas. Dit is nie versoenbaar met die wese van die uni=versiteit nie.

Dit gaan volgens Bingle (1966, p. 261) op universiteit in die eerste plek om basies kennis en navorsing en nie om die toegepas=te en gerigte nie. Eers daarna word hierdie kennis uitgedra na die lewe en ook die beroep om daar werksaam te wees. Die rolle word egter baie keer omgeruil en die toepassing van die kennis word verhef tot die wesensarbeid van die universiteit.

Van Riessen (1976, p. 31) stel die volgende normatiewe beginsel vir die universiteit: "It is the institution of communities of learning for the training of students in science". Dit word aanvaar dat daar 'n aantal gemeenskappe in 'n universiteit bestaan

omdat die wetenskappe verskillende velde van ondersoek het en omdat ŉ akademiese gemeenskap in getal beperk moet wees. Die probleem is natuurlik om hierdie gemeenskappe te integreer in die geheel van die universiteit. Om hierdie rede is beperking in getalle studente vir Van Riessen ŉ noodsaaklikheid (1976, p. 32).

ŉ Ander moontlike definisie van die universiteit is dat dit ŉ inrigting of gemeenskap van akademici is, dit is professore, dosente en studente, wat studie, tersiêre onderrig, eksaminering, navorsing, onderwys en die soek van waarheid ten doel het (Potgieter, 1976, p. 308). Ook hierdie definisie sal verskillend vertolk word deur verskillende inrigtings, afhangend van hul karakter. "Waarheid" het verskillende betekenisse vir mense van verskillende oortuigings.

Die universiteit het begin as ŉ enkele gemeenskap - ŉ gemeenskap van leermeesters en studente. Vandag is die groot universiteit ŉ hele reeks gemeenskappe en aktiwiteite wat bymekaar gehou word deur ŉ gemeenskaplike naam (Kerr, 1972, p. 1).

Dit noop Kerr om te praat van ŉ multiversiteit eerder as ŉ universiteit. Die multiversiteit is nie een gemeenskap nie, maar verskeie. Dis die gemeenskap van voorgraadse studente en die gemeenskap van nagraadse studente, die gemeenskap van humaniste en die gemeenskap van sosiale wetenskaplikes, die gemeenskap van professionele skole, die gemeenskap van akademiese personeel, die gemeenskap van nie-akademiese personeel, ensovoorts. Die multiversiteit is nie goed begrens nie - dit reik uit na wetgewers, boere, sakemense, ensovoorts. Dit het veranderende en soms teenstrydige belangstellings. Dit het nie met ŉ enkele beginsel waarop dit berus nie, maar verskeie (Kerr, 1972, p. 19).

Schrotenboer (1976, p. 289) stel dat die "multi"-karakter nie net ŉ gevolg is van die vermenigvuldiging van die aantal departemente, veroorsaak deur die taak van die universiteit wat voortdurend uitbrei nie, maar ook ŉ gevolg is van die baie standpunte oor wat die taak van die universiteit is.

Kerr (1972, p. 136) verklaar dat hy met die multiversiteit 'n pluralistiese instelling bedoel - pluralisties in verskeie opsig= te: dit het verskeie doelstellings en nie net een gemeenskapli= ke doel nie; dit bedien verskillende soorte "kliënte" en volgens sy siening word in die multiversiteit nie 'n enkele god aanbid nie. 'n Mens sou dit ook 'n komprehensiewe universiteit kon noem.

Die redes wat Kerr noop om die groot Amerikaanse universiteit 'n multiversiteit te noem, blyk duidelik as daar na die volgende besonderhede van 'n groot Amerikaanse universiteit gekyk word: die Universiteit van Kalifornië het meer as 'n dekade gelede jaar= liks lopende uitgawes van 'n half biljoen dollar gehad, het 40 000 mense in diens gehad, het meer as 100 plekke gehad waar die uni= versiteit funksioneer, het in 50 lande projekte aan die gang ge= had en daar het 10 000 kursusse in sy prospektus verskyn (Kerr, 1972, p. 7).

'n Verdere wesenstrek van die universiteit is dat dit 'n maatskap= like instelling is. Dit lê ingebed in die gemeenskap wat dit skep (deur 'n parlementswet) en wat dit in groot mate materieel onderhou. Omdat die universiteit 'n maatskaplike instelling is, het dit 'n sosiale funksie, of die universiteit dit nou wil erken of nie. Die gemeenskap ag dit ook 'n reg om sekere eise aan die universiteit te stel ten aansien van sy sosiale verantwoordelik= heid (Louw, 1973, p. 8).

Van Riessen (1963, p. 22) betreur laasgenoemde feit. Volgens hom kan oormatige betrokkenheid van die universiteit by die ge= meenskap hom sy onafhanklikheid kos. Deur sy soewereiniteit in eie kring te verloor, verloor die universiteit sy karakter en verval dit in 'n inrigting wie se wet deur die gemeenskap, en dus onafwendbaar deur die staat, voorgeskryf word.

Die invloed wat die gemeenskap op die universiteit as maatskap= like instelling het, word duidelik as die geskiedenis van die universiteit nagegaan word. Met sy totstandkoming in die Middel= eeue was die universiteit 'n universitas van leermeesters en stu= dente wat geen ander doel gehad het as wetenskapsbeoefening en

onderwys nie. Toe die universiteit gevestig geraak het en toene= mend deur die gemeenskap ondersteun is, het die eise van beroeps= opleiding en navorsing gekom. Dit het groter steun van die gemeen= skap via die staat gevra, wat laasgenoemde weer groter inspraak in die universiteit verleen het.

Volgens Van der Stoep (1973, p. 47), kan daar weinig twyfel wees dat die moderne universiteit struktureel hoofsaaklik 'n versame= ling van vakskole geword het waarvan elkeen sy eie opdrag het in ooreenstemming met die opleiding wat hy verskaf. Die strakke akademie, soos dit tradisioneel in die universiteit se geskiede= nis bekend gestaan het, vorm nie meer die belangrikste universi= têre bedrywigheid nie. Die organisasie van die moderne fakultei= te staan in die teken van die vakskoolgedagte, en dit word daar= deur in die hand gewerk dat dikwels meer as 90% van die voorgraad= se studente vir beroepsgerigte kursusse inskryf.

Waar hoë akademiese standaard tradisioneel 'n kenmerk van die uni= versiteit was - sodat dit in wese slegs vir die akademiese elite 'n tuiste gebied het - is dit vandag nie meer in alle studie= rigtings die geval nie. Weens verhoogde lewenstandaarde en staat= subsidies, word dit tans toenemend gebruik dat diegene wat dit kan bekostig, waaronder diegene met twyfelagtige akademiese poten= siaal, na universiteite stroom. Daarnaas is daar 'n onmiskenbare neiging by universiteite om ook nie-akademiese faktore soos leier= skap en sportprestasies by toelating in ag te neem. Die streng akademiese keuring het in 'n mate verdwyn en die universiteit het 'n redelike oop inrigting geword. As die situasie in Suid-Afrika in oënskou geneem word, blyk dit duidelik die geval alhier te wees. Voorts slaag 'n al groter persentasie standerd 6-leerlinge uiteindelik die standerd 10-eksamen, terwyl die druipsyfer in standerd 10 die afgelope twee dekades skerp gedaal het. In 1950 het 18% van die blanke standerd 6-leerlinge in Transvaal deurge= dring na standerd 10, terwyl die persentasie in 1974 reeds tot 54,2 gestyg het (Kotzé, 1975, p. 99 — 100). Die vereistes vir universiteitstoelating is die afgelope jare ook so aangepas dat universiteitstudie vir 'n groter persentasie hoërskoolleerlinge moontlik word. Om die universiteitstoelatingseksamen te slaag,

is vir sekere studierigtings aan die universiteit nie meer 'n ver=eiste nie. As voorbeeld van bogenoemde geld die vierjarige on=derwysdiplomas vir sekondêre skole, wat heelwat studente lok.

Uit die voorgaande blyk dat dit ook baie moeilik is om 'n presiese definisie van die wese van die universiteit te gee omdat 'n uni=versiteit as maatskaplike instelling nooit staties kan wees nie. Dit is opmerklik dat die universiteit in die verlede sy laagte=punte bereik het, juis toe dit staties wou bly, soos in die sewen=tiende eeu (vgl. 2.2). Die universiteit is as't ware gedurig aan die verander en daarom sal sy wese ook met die tyd verander. Aansluitend by Preller (1977, p. 280) kan gestel word dat elke universiteit self voortdurend moet bepaal wat sy wese, aard en funksie is.

Die aard en karakter van universiteite sal verskil omdat dit on=der meer beïnvloed word deur elke universiteit se idee van ken=nis en waarheid wat dit onderrig en probeer bevorder, deur dié soort mens waartoe hy probeer opvoed, en deur die sosiale, poli=tieke en ekonomiese toestande van die gemeenskap waarin hy hom bevind (Kotschnig, 1969, p. 4).

Opsommend kan die vernaamste onderskeidende eienskappe, wesens=trekke, van die universiteit saamgevat word. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat elke universitêre inrigting sy eie aard sal hê en dat elke aspek wat hieronder genoem is nie ewe veel klem by alle universiteite sal dra nie.

Die universiteit is 'n gemeenskap, of gemeenskappe, van dosente en studente.

Die universiteit is wesentlik 'n instelling vir wetenskapsbeoefe=ning; vir navorsing en bemagtiging van kennis en vir onderwys en opvoeding (Preller, 1971a, p. 15).

Die standaard van werk op universiteit is hoog en die universiteit is bedoel vir verstandelik begaafdes.

Die universiteit is outonoom in eie kring en bepaal sy eie karak= ter.

Die universiteit geniet akademiese vryheid. Die wetenskap kan na goeddunke beoefen word en die universiteit is vry om die be= vindinge van sy wetenskapsbeoefening wêreldkundig te maak. Hier= die vryheid gaan egter gepaard met verantwoordelikheid (Preller, 1971a, p. 18 - 20).

Hierdie akademiese vryheid impliseer egter nie dat die univer= siteit immuun is teen eksterne kragte nie. Die universiteit moet inteendeel reageer op druk van buite en het dus ook onder meer 'n opleidingstaak en 'n taak om aan die gemeenskap diens te lewer (Miescher, 1969, p. 101).

## 2.3.3 DIE FUNKSIES VAN DIE UNIVERSITEIT

### 2.3.3.1 INLEIDING

Die funksies van die universiteit is afgelei uit sy wese en aard. Dit spreek vanself dat as daar verskil in mening is oor die wese van die universiteit, daar ook nie eenstemmigheid sal wees oor wat die funksies van die universiteit is nie.

Oor sekere basiese funksies van die universiteit, soos onderrig en navorsing, bestaan daar eenstemmigheid, maar oor ander funk= sies en die gewig wat elkeen moet dra, is daar meningsverskil tussen universiteite onderling en tussen universiteite van ver= skillende lande en streke. In die Republiek van Suid-Afrika is daar, byvoorbeeld, tussen Engelstalige en Afrikaanstalige univer= siteite verskil in mening oor die verhouding tussen die universi= teit en die gemeenskap en die diens wat universiteite aan die ge= meenskap moet lewer (vgl. R.S.A., 1974a, p. 56 - 57).

Hierdie verskille is te wyte aan invloede wat deur die jare hul rol gespeel het. Die aard van hoër onderwys in verskillende lan= de gedurende die afgelope paar dekades, kan immers slegs verklaar word deur komplekse en onderling verwante faktore soos godsdiens=

tige en kulturele tradisies, ekonomiese omstandighede, interna=sionale kontak, politieke toestande en verwagtinge, ensovoorts (McKeon, 1959, p. 4).

Die funksies van die universiteit in die Verenigde State van Ame=rika en Groot-Brittanje word kortliks in oënskou geneem en dan word die funksies van die universiteit in Suid-Afrika van nader beskou.

2.3.3.2 FUNKSIES VAN DIE UNIVERSITEIT IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

In sy wese is die Amerikaanse universiteit baie sterk gemeenskap-georiënteer en 'n belangrike deel van sy funksies is ook gerig op dienslewering aan die gemeenskap.

Die situasie word baie goed opgesom deur Sanders (1959, p. 98) as hy stel dat die Amerikaanse universiteit dikwels die besoeker van oorsee verdwaas met sy wye versameling diensburo's en ander skynbaar nie-akademiese funksies. Vir die oningeligte kan dit na die Amerikaanse apteek lyk, waar produkte soos brood en honde=halsbande die farmaseutiese voorraad skynbaar oorskadu.

Die welsyn van die mens was 'n dominante kulturele tema sedert die vroeë geskiedenis van Amerika. Die tema het verskillende vorms in verskillende tydperke gehad en hedendaags is dit die diensmotief wat sterk op die voorgrond is. Enige inrigting wat die voortgesette steun van die Amerikaanse publiek soek, sal dit heelwaarskynlik motiveer ingevolge die diens wat dit aan die ge=meenskap lewer. Die universiteit in Amerika is hier ook geen uitsondering nie (Sanders, 1959, p.99).

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Amerikaanse universi=teit nie so 'n lang geskiedenis en tradisie soos die Wes-Europese universiteit het nie en dat meer resente gebeure dus heelwaar=skynlik 'n groter invloed daarop sal hê.

'n Belangrike bydraer tot die diensmotief in hoër onderwys in Ame=

rika is die sogenaamde "Land-grant"-kolleges. In 1862 het die Amerikaanse Kongres tienduisende hektaar grond opsy gesit wat moes dien om kolleges te onderhou. Teen 1879 het daar al 41 sulke in=rigtings tot stand gekom en die kriteria wat aangelê is by kurri=kulumuitbreiding was nie afgelei uit die tradisies van die Middel=eeuse universiteit nie, maar wel uit die eise van die gemeenskap en die nut wat dit vir die gemeenskap sal hê (Sanders, 1959, p. 102 - 104).

Daar is egter nie 'n resep om die Amerikaanse universiteit te ver=staan nie. Die gemeenskaplike doel om diens te lewer, bind uni=versiteite wel saam, maar verskillende inrigtings het verskillen=de sienings van die soort diens wat hulle behoort te lewer. In hoofsaak is daar egter twee opvoedkundige filosofieë en pedago=giese prosedures. Eerstens is daar die oudste private universi=teite wat sterk akademies gerig is en die beoefening van die we=tenskap as hul hooffunksie sien. Die tweede, meer algemene, sie=ning is dat die universiteit in diens van die gemeenskap staan (Sanders, 1959, p. 118 - 119).

Volgens die Carnegie-kommissie (Carnegie commission on higher education, 1973, p. 1) is die belangrikste funksies van hoër on=derwys in Amerika die volgende:

1. voorsiening van geleenthede vir die intellektuele, estetiese, etiese en vaardigheidsontwikkeling van individuele studente en die voorsiening van 'n kampusmilieu wat konstruktief kan bydra tot die meer algemene ontwikkeling van studente;

2. verbetering van menslike vermoëns in die gemeenskap in ge=heel;

3. bevordering van opvoedkundige geregtigheid in die ná-sekon=dêre ouderdomsgroep;

4. oordrag en bevordering van kennis en wysheid; en

5. kritiese evaluering van die gemeenskap - deur individuele

denke en oorreding - met die oog op selfhernuwing van die gemeenskap.

Hierdie doelstellings, soos gestel deur die Carnegie-kommissie, is vatbaar vir verskeie vertolkings (Embling, 1974, p. 237). Die Amerikaanse universiteit se beheptheid met sosiale geregtigheid en dienslewering aan die maatskappy spreek egter deurgaans duide= lik.

Kerr (1969a, p. 8) voer aan dat dit in Europa gebruiklik is om te sê dat die universiteit twee funksies het, naamlik onderrig en navorsing. In Amerika word 'n derde hooffunksie bygevoeg, naam= lik diens aan die gemeenskap. Volgens Kerr het feitlik alle mo= derne universiteite oor die wêreld, en beslis die universiteite in Amerika, tien hooffunksies.

Die eerste is algemene opvoeding soos dit in Amerika genoem word. Dit het 'n goeie kulturele agtergrond vir die student ten doel.

'n Tweede funksie is professionele opleiding. Dié opleiding is meer gespesialiseerd as eersgenoemde.

'n Derde funksie, wat vinnig veld wen in Amerika, is voortdurende onderwys. In sekere professies moet mense van tyd tot tyd na die universiteit terugkeer om opleiding in nuwe tegnieke en kennis te ontvang.

Vierdens moet die universiteit navorsing doen.

Die vyfde funksie behels diens aan die gemeenskap op individuele en op georganiseerde vlak. So kan verskillende eenhede van die universiteit raad en hulp gee aan boere, sakemense, hospitale, skole, ensovoorts.

Sesdens is die universiteit betrokke in 'n talentsoektog. Meer en meer poste vereis universiteitsopleiding en dit is die taak van die universiteit om mense uit te soek wat daarvoor geskik is. Die universiteit moet nie alleen uitsoek nie, maar ook weg=

wys.

In die sewende plek het die universiteit "voog"-funksies. Aan individuele studente moet leiding gegee word en daar moet ook toesig oor hulle gehou word.

Kritiese oordeel is 'n agste funksie van die universiteit. Die universiteit is 'n sentrum vir die evaluering van en kritiek teen die gemeenskap en moet ook somtyds dien as 'n plek waar weerstand georganiseer word teen sekere aspekte van die gemeenskap.

In die negende plek moet die universiteit dien as 'n kulturele sentrum vir sy gemeenskap.

Laastens is die universiteit nou verbonde, ja, 'n deel van die "establishment". Soos die universiteit groter word en beter ge=organiseerd raak, word dit iets van 'n "establishment" in sy eie reg.

2.3.3.3 FUNKSIES VAN DIE BRITSE UNIVERSITEIT

Die funksies van die Britse universiteit, as verteenwoordiger van die Wes-Europese universiteit, word kortliks bespreek, ver=al met die oog daarop dat die Suid-Afrikaanse universiteit 'n sterk Britse agtergrond het.

Waar die Amerikaanse universiteit, van alle Westerse universitei=te, die meeste na buite beweeg het (vgl. die multiversiteit, soos byvoorbeeld die Universiteit van Kalifornië, met sy baie kampusse), is die Wes-Europese universiteit baie meer tradisiege=bonde (Aron, 1969, p. 61).

Aangesien die Britse universiteit 'n lang tradisie het (Oxford en Cambridge dateer uit die Middeleeue) en as in gedagte gehou word dat die universiteit van die mees tradisiegebonde inrigtings in die gemeenskap is (Hesburg, 1971, p. 3), is dit te verstane dat die Britse universiteit se funksies nie grootliks afwyk van die tradisionele funksies van onderrig en navorsing nie.

Tog openbaar die universiteite in die Verenigde Koninkryk groot verskeidenheid. Dit is te verstane aangesien die universiteite op verskillende tye en verskillende tydperke tot stand gekom het en beïnvloed is deur en verskillend gereageer het op veranderende intellektuele en sosiale milieus. Verder was hulle nog altyd outonoom. Hulle het almal tog min of meer dieselfde funksies, naamlik die bewaring en bevordering van kennis, onderrig, navorsing en beroepsopleiding. In hul poging om hierdie doelstellings te bereik, openbaar hulle egter groot verskille (Mountford, 1958, p. 69).

Duff (1959, p. 25 - 26) poneer dat onderrig en navorsing die belangrikste funksies van die universiteit is, maar dat dit ook ander funksies het, soos beroepsopleiding, wat deel is van die diens wat die universiteit aan die gemeenskap lewer. Hierdie funksies bly egter ondergeskik aan die universiteit se hooftaak, naamlik die bevordering van die wetenskap.

Barker (1946, p. 24 - 26) stel dat, benewens die bevordering van kennis en navorsing, die universiteit die intellektuele elite moet ontdek en oplei en moet help om 'n hoë kutuurstandaard in die gemeenskap te handhaaf.

Die amptelike "Robbins-verslag" (Groot-Brittanje, Committee on higher education, 1963a, p. 6 — 7) sê dat die universiteit nie net 'n enkele doelstelling kan hê nie en dat daar geen eenvoudige formule, waarvolgens die funksies van die universiteit bepaal kan word, bestaan nie. Volgens dié kommissie het die universiteit vier basiese funksies, naamlik:

1. Beroepsopleiding. Die komitee stel dit duidelik dat 'n baie klein persentasie studente universiteitstudie sal onderneem as dit nie was vir die verwerwing van kennis en vaardighede met die oog op beroepsarbeid nie. Die eise van die dag is sodanig dat gespesialiseerde opleiding nodig is om die belangrikste probleme op te los. Daar word geen beginsels verkrag as dít wat onderrig word van praktiese nut is nie.

2. Die lewering van gekultiveerde spesialiste. Aan die universiteit moet dít wat onderrig word, só onderrig word, dat nie net spesialiste te voorskyn tree nie, maar ook algemeen-opgevoede mense. Dit moet 'n kenmerk van gesonde hoër onderwys wees dat kennis en vaardighede wat opgedoen word, 'n wye toepassingsveld moet hê. Selfs waár spesifieke, praktiese tegnieke ter sake is, moet dit ook oordraagbaar wees.

3. Die wetenskap moet bevorder word. Dit is moeilik om die presiese balans tussen onderrig en navorsing vir die verskillende inrigtings vir hoër onderwys te bepaal. Daar is ook ander soorte inrigtings waar navorsing gedoen word, maar die universiteit en trouens die hele wêreld sal armer wees en sal hul historiese ontwikkelingsgang en hul wese loën as hulle navorsing agterweë laat.

4. Verhoging van die standaard van burgerskap deur kultuuroordrag en opvoeding.

2.3.3.4 FUNKSIES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

Aangesien die universiteit in Suid-Afrika grootliks geskoei is op die lees van die Westerse universiteit, sal hul funksies nie veel afwyk van die basiese funksies van die Westerse universiteit nie. Dat daar verskil in klem sal wees tussen die universiteite vir verskillende bevolkingsgroepe, spreek vanself.

Pauw (1975, p. 81 - 87) sien die funksies van die universiteit in die eerste plek as wetenskaplike onderrig aan studente. In die tweede plek moet die universiteit navorsing doen en derdens moet hy studente vorm. Hieronder sluit hy wetenskaplike sowel as intellektuele vorming in asook vorming van die student as mens en lid van die samelewing. Vierdens het die universiteit die taak van beroepsvoorbereiding, en laastens die taak van kultuuroordrag.

Volgens die Van Wyk de Vries-kommissieverslag (R.S.A., 1974a, p. 133 - 134) is die funksies van die universiteit as volg:

"a. om die geleerdheid te bevorder deur die kennis van die eeue aan die lig te bring, te sistematiseer, elke faset daarvan in die vakwetenskappe te betrek as bestanddeel van die hele wetenskapstruktuur en om nuwe kennis deur middel van onder= soek en navorsing bloot te lê. Nadat basiese kennis en na= vorsing in die samelewing uitgedra is om daar werksaam te wees volg die toegepaste en gerigte kennis en navorsing. Kortom, die bevordering van die geesteswetenskappe, die na= tuurwetenskappe en die toegepaste wetenskappe;

"b. om op te voed en te vorm, die student bepaalde karaktereien= skappe by te bring waaronder wetenskaplike gesindheid en eerlikheid, wetenskapsbeskouing, deursettingsvermoë en gees= telike hardwerkendheid; en die fasette van 'n kultuurmens asook 'n lewens- en wêreldbeskouing wat hom deur die lewe sal dra as 'n gebalanseerde persoonlikheid;

"c om die student voor te berei vir die beoefening van 'n beroep waarvoor die maatskappy 'n universitêre opleiding nodig ag of voorskryf, maar onderskei van blote afrigting wat nie sy funksie is nie;

"d. om die student, met inagneming van die lewensverbande wat in hom verenig is, gemeenskaplike standaarde van goeie bur= gerskap by te bring sowel as die kultuuragtergrond en tra= disie waarop 'n gesonde maatskappy steun;

"e. om op die staatkundige gebied intens wetenskaplik bedrywig te wees deur die kennis, wetenskap en denke daaroor van oor die hele wêreld byeen te bring, wetenskaplik te bestudeer en wetenskaplik uit te dra tot suiwering van die nasionale stelsel en om goed onderlegde en toegeruste burgers die lewe in te stuur. Politiekery en pseudo-wetenskaplike aktiwiteit in dié verband deur die universiteit as sodanig, die dosent qua dosent en die student qua student sowel as daadwerklike optrede in die politieke strydperk van die land, is vreemd aan die wese en funksie van die universiteit en val buite sy bevoegdheidsgebied."

Samevattend kom dit daarop neer dat die taak van die universiteit die bevordering van die wetenskap, opvoeding, beroepsopleiding en opvoeding tot goeie burgerskap is. Dienslewering aan die ge= meenskap figureer alhier baie meer indirek as in die geval van die Amerikaanse universiteit.

Persoonlike besoeke aan universiteite dui egter daarop dat die diensmotief, in die praktyk aan die blanke Suid-Afrikaanse uni= versiteite 'n belangriker plek beklee as wat die Van Wyk de Vries-kommissie wil toegee. By al die universiteite bestaan naamlik buro's en/of institute wat dienslewering aan die gemeenskap ten doel het.

## 2.4 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE PU VIR CHO

In hierdie paragraaf word die onstaan en ontwikkeling van die PU vir CHO kortliks weergegee om as agtergrond te dien vir die be= spreking van die wese en funksies van die PU vir CHO wat hierna volg.

Die PU vir CHO het sy ontstaan te danke aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die Sinode van 1869 het besluit dat 'n teo= logiese skool op Burgersdorp opgerig moet word. Die Teologiese Skool is dieselfde jaar geopen met twee dosente en vyf studente. Die Sinodebesluit was ook dat die Teologiese Skool so ingerig moes word dat onderwysers ook daar opgelei sou kon word, en dat persone wat geen bepaalde professie voor oë gehad het nie, ook van die Skool gebruik sou kon maak (Du Plessis, 1975, p. 1).

Die eerste twee dosente se taak was nie alleen om studente vir teologiese vakke op te lei nie, maar ook om die nodige literêre opleiding te gee. Uit hierdie voorbereidende literariese oplei= ding sou die PU vir CHO uiteindelik ontwikkel (Postma, 1949, p. 7 - 8).

In 1876 is 'n aparte literariese afdeling in die lewe geroep en dit het, behalwe vir 'n kort onderbreking gedurende die Anglo-Boere-oorlog, voortgegaan met sy werk. In 1904 het die Algemene

Sinode van die Gereformeerde Kerk besluit om die Teologiese Skool met sy Literariese Departement na Potchefstroom oor te plaas (Du Plessis, 1975, p. 1). Die verplasing na Potchefstroom was 'n moe= dige daad as in gedagte gehou word dat die oorlog die meeste ondersteuners van die inrigting geruïneer het (Postma, 1949, p. 9).

Soos die Literariese Departement uitgebrei het, het die finansi= ele druk op die Gereformeerde Kerk, wat dit in stand moes hou, baie groot geword. Die Kuratore van die Kerk het die Sinode van 1913 geadviseer om 'n subsidie van die staat te probeer verkry, met dié voorbehoud dat Christelike onderwys en vryheid van bestuur gehandhaaf moet bly. "Hierdie handhawing van ons beginsel het die hoeksteen geword van die hele verdere ontwikkeling van die Literariese Departement en die latere universiteitsinrigting en sou in die toekoms nog baie ter sprake kom" (Du Plessis, 1975, p. 2).

Die regering het as voorwaarde gestel dat die Literariese Depar= tement heeltemal van die Teologiese Skool losgemaak moet word, voordat die betaling van subsidie oorweeg kon word (Du Plessis, 1975, p. 2).

Die onderwyswetgewing van 1916 het onder meer die "Universiteit van Suid-Afrika" met sy ses samestellende kolleges, in die lewe geroep. Die studente van die Literariese Departement was ekster= ne studente en het as sodanig nadele ondervind. Die Sinodes van 1916 en 1918, asook komitees van die Sinodes, het die totstand= koming van 'n universiteitskollege in die plek van die Literariese Departement sterk oorweeg. Op dié wyse sou inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika verkry kon word en baie probleme sou daardeur uitgeskakel word. Die sogenaamde gewetensklousule het egter in die pad van inkorporasie gestaan. In 1919 is die Lite= rariese Departement van die Teologiese Skool geskei en het "Het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Kristelik Hoger Onder= wys" tot stand gekom. Dit het gebeur nadat 'n interim-ooreenkoms met die regering aangegaan is, waarvolgens drie jaar lank 'n sub= sidie ontvang sou word totdat die kwessie van inkorporasie by

die Universiteit van Suid-Afrika weer oorweeg kon word. Die Sinode van 1920 het besluit, veral weens finansiële druk, om die kuratore opdrag te gee om deur wetgewing die kollege te laat in= korporeer by die Universiteit van Suid-Afrika. Dit het gebeur sonder dat die gewetensklousule verwyder is en die kollege sou net bekend staan as die Potchefstroomse Universiteitskollege. Inkorporasie is onder die voorwaardes aanvaar met 'n vaste voorne= me om bogenoemde twee sake reg te stel (Du Plessis, 1975, p. 2 - 14; Postma, 1949, p. 10).

Die stryd is aangeknoop. Die Raad van die P.U.K. en die Vereni= ging vir Kristelike Hoër Onderwys het onvermoeid gewerk. Ná die ongunstige rapport van die Universiteitskommissie van 1928 is P.U.K.-komitees dwarsdeur die land gestig. Die komitees het on= vermoeid gewerk om geld in te samel sodat behoorlike fasiliteite daargestel kon word. Vrug op die arbeid het nie uitgebly nie en in 1933 is 'n wetsontwerp deur die parlement geloods wat daarvoor voorsiening gemaak het dat die PUK weer sy naam, wat sy karakter weerspieël, naamlik "Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys" teruggekry het (Du Plessis, 1975, p. 15 - 59).

In 1950 is 'n wetsontwerp by die parlement ingedien wat voorsiening maak vir die selfstandigwording van die P.U.K. vir C.H.O. Omdat die P.U.K. vir C.H.O. die wetenskap in die lig van Gods Woord wil beoefen, is die gewetensklousule, soos dit in Wet 16 van 1916 voorkom, uit die wetsontwerp weggelaat. Dit het teenstand uit= gelok, maar die wetsontwerp is tog deur die Volksraad sowel as die Senaat aangeneem en op 17 Maart 1951 het die universiteit amptelik selfstandig geword onder die naam "Potchefstroomse Uni= versiteit vir Christelike Hoër Onderwys" (Du Plessis, 1975, p. 60 - 77).

Die geskiedenis van die PU vir CHO tot selfstandigwording, word gekenmerk deur die stryd om die behoud van "Christelike Hoër On= derwys". Sedert selfstandigwording het die PU vir CHO bestendig gegroei en die laaste dekade is gekenmerk deur groot uitbreiding en 'n skerp styging in studentegetalle (vgl. PU vir CHO, Verslae van die Rektor, 1967 - 1976).

## 2.5 DIE WESE VAN DIE PU VIR CHO

Soos blyk uit die geskiedenis was die bedoeling van die begin af dat die PU vir CHO nie net 'n universiteit moet wees nie, maar wel 'n universiteit vir Christelike hoër onderwys.

Gedurende die tydperk 1912 — 1933, waarin die PU vir CHO gefun= geer het onder die sogenaamde gewetensklousule en net bekend ge= staan het as die Potchefstroomse Universiteitskollege, het dit in die praktyk nog Christelik gebly. In 1951 het die inrigting nie net formeel nie, maar ook werklik die eerste universitêre inrigting in Suid-Afrika geword wat, volgens sy wet, Christelike universiteit mag heet. In Artikel 31 van sy eie wet verkry dit die reg van owerheidsweë om by die benoeming van sy personeel te sorg vir die histories-Christelike karakter (Coetzee, 1954, p.9). Uit sy wordingsgeskiedenis blyk duidelik dat dit die doel en strewe van die PU vir CHO is om alle beoefening van die wetenskap, alle opvoeding en opleiding onder die tug van die Woord van God te bring (Postma, 1949, p. 11).

Die PU vir CHO is 'n universiteit en as sodanig moet dit voldoen aan al die eise wat aan 'n universiteit gestel word. Hy is met regspersoonlikheid beklee, beoefen op die tersiêre vlak die we= tenskap en is 'n sentrum vir geleerdheid, onderrig en opvoeding en het die bevoegdheid om grade toe te ken. Die PU vir CHO is 'n eenheid van dosente en studente, maar vorm ook 'n eenheid met sy onmiddellike groep weldoeners, die gemeenskap en die staat. Hy is op sy eie bevoegdheidsgebied selfstandig en outonoom, staan langs ander lewensverbande, maar word nie deur hulle oorheers nie en oorheers ook nie een van hulle nie (PU vir CHO, 1966, p. 6; RSA, 1974a, p. 132).

Die PU vir CHO kan dus met reg daarop aanspraak maak dat hy in sy wese 'n universiteit is. Hy is egter meer as dit; hy is 'n Christelike universiteit. Sy eerste roeping is dus om 'n getuie te wees van die mens se hoogste roeping op aarde, naamlik om in gehoorsaamheid te lewe tot eer van God. Verder moet hy 'n Chris= telike mensbeskouing huldig. Die mens, en ook die student, is

die kroon van Gods skepping, wat in sonde geval het, maar vir wie daar deur Jesus Christus verlossing is (Coetzee, 1959, p. 14).

Die Christen, en dus ook die Christelike universiteit, kan sy we= tenskapsbeoefening nie losmaak van sy godsdiens nie. Van Riessen (1963, p. 58) beweer dat die menslike lewe in sy geheel, en dus ook sy wetenskapsbeoefening, godsdiens is. Die beginsel van die PU vir CHO vereis dat die wetenskapsbeoefening en opvoeding belig moet word deur God se Woord (PU vir CHO, 1966, p. 7).

ŉ Wesenskenmerk van die PU vir CHO is dat dit onbeskaamd Afrikaans is. Die Christelik-Nasionale beginsel in die onderwys het deur al die jare baie sterk aan die PU vir CHO gefigureer en is onlangs herbevestig deur die huidige rektor (Van der Walt, 1978, p. 1).

Daar rus egter ŉ baie groot taak op die PU vir CHO om sy Christe= like karakter lewend te hou. Vandag is die Christelike univer= siteit die groot uitsondering en nie die reël nie. Tog was die universiteit vir die eerste paar eeue van sy bestaan Christelik en het sekularisasie eers sedert die sewentiende eeu ingetree (vgl. 2.2.5). Universiteite wat nie te lank gelede nie as Chris= telike universiteite gestig is, het onder die druk van die wêreld hul karakter verloor. ŉ Sprekende voorbeeld hiervan is die Vrije Universiteit van Amsterdam (Corthial, 1976, p. 44).

## 2.6 DIE FUNKSIES VAN DIE PU VIR CHO

### 2.6.1 INLEIDING

Die PU vir CHO as Christelike universiteit het dieselfde hooffunk= sies as ander universiteite. Daar sal egter verskil in uitgangs= punt, klem en perspektief wees omdat daar ŉ verskil in siening is oor die oorsprong, wese en bestemming van skepsel en skepping.

Die PU vir CHO as inrigting vir Christelike hoër onderwys het as beginsel die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, soos opgebou en ontwikkel uit die geopenbaarde waarheid wat in die Heilige Skrif vervat is. Dit dien as ŉ intellektuele kragstasie vir die gelowige gemeenskap. Dit is ŉ plek van Christelike geleerdheid,

ŉ voorpos of brandwag vir die uitbouing van die Christelike weten= skap en ŉ kweekskool van Christelike volksleiers (Coetzee, 1954, p. 20).

Die funksies van die universiteit staan in nouste verband met sy wese en die onderskeibare, maar nouliks skeibare elemente daarvan, naamlik opvoeding, onderrig, navorsing, beroepsvoorberei= ding en diens aan die gemeenskap, word vervolgens van nader be= skou.

### 2.6.2 OPVOEDING

Opvoeding is ŉ doelbewuste, planmatige toerusting en leiding van die groei, ontwikkeling en wording van die volwasse-wordende, of ook onvolwaardige volwassene in ŉ bepaalde rigting. Dit kan nooit beskou word as ŉ natuurlike neweproduk of uitvloeisel van wetenskapsbeoefening nie. Dit hou dus in dat die dosent in die onderrig en navorsing geleentheid moet skep en dit doelbewus be= nut om op te voed (Preller, 1970, p. 350).

Die meeste studente aan die universiteit is in hul laat adolessen= sie (Gouws, 1971, p. 35; PU vir CHO, 1973, p. 4). Hoewel som= mige van die studente reeds volwassenheid bereik het, is almal aan opvoedingsinvloede onderworpe (PU vir CHO, 1973, p. 5).

Die universiteit is na sy wese ŉ plek waar mense wetenskap beoe= fen en daarom moet ŉ bepaalde tipe mens aan die universiteit ge= vorm word, naamlik die wetenskaplike - wat ook mens is. Die uni= versitêre opvoeding het dus ŉ besondere en ŉ algemene funksie naamlik intellektuele vorming en ontwikkeling en die algemene op= voeding van die hele mens (PU vir CHO, 1966, p. 16).

As redelike wese is die mens met verstand toegerus en daarom moet die universiteit die student verstandelik vorm en ontwikkel. ŉ Gunstige klimaat moet geskep word om die student tot wetenskap= like kennisbemagtiging, metodebeoefening en kennisontginning te bring (De Wet, 1977, p. 472; PU vir CHO, 1966, p. 16).

Die algemene opvoedingsfunksie van die universiteit behels die ewewigtige vorming en ontwikkeling van die mens in al sy aspekte - liggaam, verstand, gevoel en wil (PU vir CHO, 1966, p. 17). By die vorming van die student kom die karakter van die universi= teit na vore en dit dui op 'n bepaalde koers waarin die ontwikke= ling gestuur word (PU vir CHO, 1973, p. 5). Die karakter van die universiteit is die openbaring van die lewens- en wêreldbe= skouing wat hy dra. 'n Belangrike komponent hiervan is sy mens= beskouing wat bepalend is vir die opvoeding wat hy wil doen (Bin= gle, 1969, p. 263).

Vir die PU vir CHO met sy Christelike karakter, waar die student gesien word as 'n wese met 'n ewigheidsbestemming, hou bogenoemde in dat die student opgevoed moet word as 'n kind van God en toege= rus moet word vir alle goeie werke. Die student moet gebring word tot kennis van en liefde vir God en sy naaste, tot kennis van die natuur sodat hy dit kan onderwerp en in verantwoordelik= heid daaroor kan heers. Die student aan die PU vir CHO moet le= wensbeskoulik gevorm word en moet gemotiveer word tot gehoorsaam= heid aan Gods Woord en in sy wetenskapsbeoefening moet hy die al= mag van die Skepper raaksien. Hy moet sosiaal aangepas wees son= der om sy beginsels prys te gee en moet ook inpas in die nasiona= le lewe (Preller, 1970, p. 358).

Die volledigste opvoedingsdoelstelling is die leiding na die aan= vaarding van die mens se uiteindelike bestemming. Die inhoud van hierdie bestemming word nie gevind in 'n eksistensialistiese of humanistiese antropologie nie, maar in die Heilige Skrif (Heyns, 1976, p. 218). Dit geld in die besonder vir die PU vir CHO.

### 2.6.3 ONDERRIG

Onderrig was deur die jare een van die belangrikste funksies van die universiteit. Deur die eeue heen het sekere funksies van die universiteit in belangrikheid toegeneem (byvoorbeeld beroepsvoor= bereiding) en ander het by tye feitlik nie bestaan nie (byvoor= beeld navorsing). Onderrig het egter altyd 'n baie prominente plek beklee en was by tye die enigste funksie van die universi=

teit (vgl. 2.2.5).

Die wese van onderrig lê nie in oordrag nie, maar in ontsluiting. Die dosent moet in die onderrig die student help om dít waarmee hy besig is te deurskou en te verwerk, sin daaraan te gee en uiteindelik deel van sy kennisbesit te maak (Pauw, 1975, p. 88). Op skool val die klem baie sterk op onderwys, op kennisoordrag, maar op universiteit moet die klem op selfstandige studie val. Deur sy onderrig moet die dosent die student help om dié vermoë tot onafhanklike studie te ontwikkel (Brook, 1965, p. 16).

Die universiteit sal nie veel bereik as hy bloot 'n gevestigde hoeveelheid kennis oordra nie. In die tye dat hy dit wel gedoen het, het die universiteit gekwyn (vgl. 2.2.5). Die wetenskap ontwikkel van dag tot dag en tans bestaande kennis is nie nood=wendig later nog van belang nie. Die universiteit moet die stu=dent dus help om sy vermoë om onafhanklik en krities te dink, te ontwikkel sodat hy later in sy lewe as wetenskaplike die mas kan opkom (Sigerist, 1946, p. 26).

In die didaktiese situasie moet dosente sorg dat die algemene didaktiese beginsels (individualisering, motivering, bemeestering, aktiwiteit, ensovoorts) tot hul reg kom. Die metodes van onder=rig wat gevolg word, moet aanpas by die ontwikkelingsvlak van die studente en by die aard en moeilikheidsgraad van die leerstof. Wat betref tuguitoefening, gebruik van onderrigmedia, die gee van werkopdragte, eksaminering en evaluering moet dosente sorg dat dit gepas en verantwoordbaar is. Bingle (1969, p. 265) stel dat die karakter van die universiteit, sy mensbeskouing, die doel=stellings wat hy nastreef en die leerstof wat hy aanbied in sy onderrigmetodes moet uitmond. By die onderrig moet daadwerklik uitvoering gegee word aan dít wat beoog word.

Die leerstof wat aangebied word, moet ook noodwendig bepaal word deur die opvatting van die universiteit oor die ensiklopedie van die wetenskap (Bingle, 1969, p. 265). Dosente aan die PU vir CHO moet derhalwe toesien dat kurrikulums en sillabusse die gees en karakter van die universiteit weerspieël. Die leerstof moet

verder voldoen aan die doelstellings en funksies van die univer= siteit sodat verseker kan word dat die onderrig wel op univer= sitêre vlak lê (Pauw, 1975, p. 89).

By die samestelling van die kurrikulums en sillabusse moet dosente ook sorg dra dat aan al die beginsels van kurrikulum- en silla= bussamestelling voldoen word (vgl. Preller, 1971b, p. 227 - 233).

### 2.6.4 NAVORSING

In sy wese is die universiteit 'n plek vir geleerdheid. Dit be= vorder die geleerdheid enersyds deur die opdiep en sistematise= ring van die kennis van die eeue en andersyds deur die voortdu= rende ontginning van nuwe kennis deur navorsing (PU vir CHO, 1973, p. 4). Om aan sy wese getrou te bly, moet die universiteit dus navorsing doen.

Brook (1965, p. 43) meen dat onderrig en navorsing op universi= teit so belangrik is en mekaar so aanvul dat daar nie gevra kan word watter een die belangrikste is nie. Die twee handelinge kan wel apart beoefen word, maar om te vra watter een van die twee die belangrikste is, is om te vra of die motorenjin of sy wiele die belangrikste is.

Akademiese onderrig kan in die algemeen net geslaagd wees as dit op navorsing gegrond is. 'n Student voel gou aan of 'n dosent bloot uit 'n handboek voordra en of hy met gesag praat (Jaspers, 1961, p. 69; Sigerist, 1946, p. 25). Hierdie uitsprake verg egter kwalifisering. Daar is wel goeie dosente wat uitgebreide vakkennis het, maar nie oorspronklike navorsing doen nie. Alhoe= wel hulle op die voorste grense van hul wetenskap beweeg, help hulle nie grense versit nie. Aan die ander kant is daar knap navorsers wat leerstof nie doeltreffend kan ontsluit nie. Die ideaal bly egter 'n goeie navorser en dosent in een mens gekombi= neer, aangesien iemand wat nie self 'n navorser is nie baie moei= lik navorsers sal kan oplei (De Wet, 1977, p. 470).

Vir die universiteit in die geheel is navorsing egter 'n noodsaak=

like en onmisbare funksie. Navorsing is nodig om die wonder van die skepping bloot te lê en die stelsel van die wetenskap voortdurend op 'n meer verantwoorde grondslag te plaas (PU vir CHO, 1966, p. 13).

Op navorsingsgebied het die PU vir CHO 'n besondere roeping omdat hy nie net geroepe is om die volle ensiklopedie van die wetenskap, menslik gesproke, te ontgin nie, maar dit ook in die lig van die Skrif te deurskou (PU vir CHO, 1966, p. 14). Die navorsingsdrang by die mens spruit juis voort uit sy skepping na die beeld van God. Die mens aanskou die skepping en weet dat God hom laat heers oor die werke van Sy hande (Du Toit, 1970, p. 361).

As die PU vir CHO sy navorsingsfunksie agterweë laat, sal hy sy bestaansreg verbeur (Coetzee, 1954, p. 21). Die geskiedenis leer dat die Christelike universiteit, in tye toe hy bloot kennisoordrag as funksie gehad het, gekenmerk is deur agteruitgang en dat ander sentra vir geleerdheid, waar wel navorsing gedoen is, gedy het (vgl. 2.2.5).

### 2.6.5 BEROEPSVOORBEREIDING

Die beroepstaak van die universiteit het reeds in die Middeleeue sy beslag gekry (vgl. 2.2.2.4). Die eis om beroepsvoorbereiding aan die moderne universiteit is dus nie iets nuuts nie, hoewel die omvang tog aansienlik toegeneem het.

Die universiteit is 'n maatskaplike instelling. Dit trag om langs 'n eeuelange geykte weg in daardie behoeftes van die gemeenskap te voorsien wat deur geen ander instelling beredder kan word nie. Hieruit kan nie afgelei word dat daar willekeurig met die universiteit rondgespring mag word nie; alleen die dinge wat wesentlik daar tuishoort, gedy daar, naamlik alles wat wesentlik geassosieer word met die wetenskap op hoër vlak. Dit sluit onder meer in die toerusting van die volgende geslag vir die sogenaamde hoër professies van die volkshuishouding (Bingle, 1970, p. 334).

Die PU vir CHO as universiteit het dus ook die taak tot voorberei=

ding vir sekere beroepe en as Christelike universiteit het dit dié taak omdat die naaste daardeur gedien word.

Hoe kan beroepsvoorbereiding versoen word met die wese van die universiteit? Daar is baie nie-universitêre inrigtings (K.G.T.O.'s, onderwyskolleges, ensovoorts) wat ook beroepsvoor= bereiding verskaf aan mense wat hul skoolopleiding voltooi het.

Die universiteit kan sy rol in beroepsgerigte onderwys regverdig as hy die student 'n breë wetenskaplike agtergrond en opvoeding gee sodat hy goed toegerus is met kennis en vaardigheid om sy eie oordeel te gebruik. 'n Wetenskaplike gesindheid en metode moet gekweek word wat in die beroep toegepas word (Bingle, 1970, p. 339). Dit is nie die taak van die universiteit om mense in detail te leer hoe om in alle gebeurlikhede op te tree nie. Die man wat staatmaak op sy spesiale opleiding sal presies weet wat om te doen vir 'n hoeveelheid duidelik gedefinieerde situasies. Hier is dus eintlik net van tegniek sprake. Die mens wat egter kan staatmaak op sy algemene opleiding en opvoeding, sal oor 'n wyer gebied probleme kan oplos en as hy ook 'n natuurlike aanleg daartoe het, sal hy welslae behaal in die hoogste poste waar die presiese aard van die probleme nie voorspel kan word nie. As beroepsvoorbereiding nie voorafgegaan of gekombineer word met 'n tyd van algemene onderwys en opvoeding nie kan sodanige opleiding beter aan 'n ander inrigting as aan 'n universiteit geskied. Die meeste beroepe vereis egter bykomende gespesialiseerde kennis en ervaring wat verskaf kan word deur die universiteit, kollege of ten volle opgeleide lede van die professies wat in die beroep staan. Die laaste stadium van die opleiding van mediese studente kan dan grootliks in hospitale plaasvind, onderwysers in skole en ingenieurs in die nywerheid. Dit sou ook wel moontlik wees om beroepsgerigte opleiding met die algemene te kombineer (Brook, 1965, p. 17 — 18).

Die PU vir CHO moet nie net sorg vir beroepsbekwaamheid nie, maar ook vir roepingsbewustheid: elke werk is 'n taak wat deur God opgelê is. Verder moet die student as Christen gevorm word vir volle deelname in die gemeenskapslewe en nie net die blote bekle= ding van 'n betrekking daarin nie (Coetzee, 1954, p. 22).

### 2.6.6 DIENS AAN DIE GEMEENSKAP

Wanneer gepraat word van gemeenskapsdiens as funksie van die uni= versiteit is dit in 'n sekere sin 'n herhaling van die voorgaande. Opvoeding, onderrig, navorsing en beroepsopleiding is alles tot heil en diens van die gemeenskap via die student.

Die universiteit kan nie losgemaak word van die gemeenskap nie en in 'n sekere sin is die hele lewe die terrein van handeling van die universiteit, sommige terreine meer as ander. Die kerk, staat, kuns, kultuur, sport en beroepslewe kom onder die invloed van die universiteit en beïnvloed op hul beurt die universiteit (Bingle, 1969, p. 67). Die universiteit vorm leiers op haas elke lewensterrein en die uiteindelike invloed wat so van die univer= siteit op die gemeenskap uitgeoefen word, is geweldig. Soos die leier gevorm is, sal hy vormend optree. Meyer (1969, p. 412) stel dat die universiteit vandag as wetenskaplike, navorsings-, opleidings-, outonome instituut ook die karakter van 'n gemeen= skapsinstituut aangeneem het: as lewende eenheid van dosente, studente en publiek.

Die PU vir CHO het sekerlik diens te lewer aan die gemeenskap. So vervul hy die gebod tot naasteliefde. Daar moet egter daar= teen gewaak word om die universiteit nie oor te lewer aan buite-universitêre behoeftes nie. Du Plessis (1969, p. 453) stel dat die diensmotief geen struktuurtipiese eienskap van die univer= siteit is nie. Vir die Christen is dit roeping dat mens en ander samelewingskringe altyd in diens van God en sy naaste moet staan. Dit is egter nie die behoeftes en eise van buite-universitêre instansies wat bepaal watter dienste die universiteit moet lewer nie. Die diens wat die universiteit aan die bedryf, aan die kerk en aan die staat lewer, word deur die tipiese funksies van die universiteit self gekwalifiseer.

## 2.7 PROBLEME VAN DIE HEDENDAAGSE UNIVERSITEIT

### 2.7.1 INLEIDING

Die hedendaagse universiteit is sodanig in die branding dat dit

'n cliché geword het om te praat van die krisis waarin die univer= siteit hom bevind. Daar is verskeie oorsake vir die bedreiging van die universiteit. Enkele van die belangrikstes sal hierna bespreek word.

Die oorsaak van die probleme is hoofsaaklik toe te skryf aan die geweldig vinnige veranderinge in die gemeenskap en die vinnige groei in die hele onderwysstelsel (Bowden, 1971, p. 235).

Die universiteit is van die mees tradisievaste inrigtings in die gemeenskap, maar is terselfdertyd die een inrigting wat die groot= ste verantwoordelikheid dra vir die veranderinge wat hom bedreig. Die vraag is of die universiteit homself vinnig genoeg kan aan= pas by die veranderinge wat hy gestimuleer het (Hesburg, 1971, p. 3).

Sommige mense het 'n aristokratiese benadering tot die universi= teit en wil dit terugplaas na wat dit eers was. Hulle wil hê dat die universiteit klein moet wees, bedoel vir 'n uitgesoekte groepie studente en verhewe bo die gemeenskap. 'n Ander benade= ring is meer pragmaties en pluralisties: die universiteit moet aanvaar word soos hy ontwikkel het en maniere moet gesoek word om dit meer produktief te maak (Kerr, 1969a, p. 13 - 14).

Die oplossing lê heel waarskynlik êrens tussen die twee benade= rings. Die universiteit kan hom nie willoos laat meesleep nie, maar mag hom ook nie blind hou vir veranderinge om hom en eise wat aan hom gestel word nie. Die vernaamste probleme, wat onder die loep geneem word, is die demokratisering van die universi= teit, die "kennisontploffing", spesialisasie en navorsing, finan= sies en die eise van die gemeenskap.

### 2.7.2 DEMOKRATISERING

Waar universiteitsopleiding vroeër die voorreg van 'n uitgesoekte, beperkte groepie studente was, en in 'n sekere sin net vir die sosiale elite bestaan het, het die toestande sedert die Tweede Wêreldoorlog drasties verander. Die gevoel het reg deur die

Westerse wêreld ontstaan dat universiteitsopleiding nie net beskore moet wees vir jongmense uit die middel- en hoërklasse nie, maar vir almal wat daarby baat kan vind (Pauw, 1975, p. 100).

Sake het so ontwikkel dat dit vandag die algemene siening is dat die universiteit die eindpunt is van die opvoedkundige stelsel wat in die primêre skool begin. Voornemende studente en hul ouers sien die universiteit tans nie as 'n gemeenskap van geleerdes nie, maar 'n plek vir hoër onderwys waar mens vir 'n beroep voorberei word en jou arbeid met 'n graad beloon word. Universitêre opleiding is nie 'n voorreg nie, dit is deel van die normale opleiding. Die werklikheid is, dat die universiteit deel geword het van die ekonomiese grondslag van die land (Floud, 1965, p. 20 - 21). Meer en meer professies en beroepe sien vandag na die universiteit op om werknemers aan hulle te lewer. Dit is nie slegs die mediese professie, die regsprofessie, die kerk en die staatsdiens wat in direkte kontak met die universiteit is nie, maar feitlik elke aspek van die moderne lewe (Kerr, 1969a, p. 10).

Die demokratisering van die onderwys met die gevolglike maklike bekombaarheid van beurse en lenings tesame met die bevolkingsontploffing, het 'n geweldige getalledruk op die universteit geplaas (Robbins, 1966, p. 2). Waar daar in Amerika in 1950 2.2 miljoen studente aan kolleges en universiteite gestudeer het, was dit in 1960 3,6 miljoen en in die daaropvolgende 10 jaar het dit feitlik verdubbel (Wolff, 1969, p. 271). Hierdie getalledruk is regoor die Westerse wêreld waar te neem. In Kanada en Australië is nie-universitêre inrigtings versterk om die druk op die universiteite weg te neem. Frankryk het sy universitêre stelsel verander. In Duitsland en Australië, waar alle leerlinge wat hul sekondêre opleiding geslaag het tot universitêre studie toegelaat is, word nou net sekere kwotas toegelaat. Lande soos Groot-Brittanje, Swede, Kanada, Australië en selfs Japan het sedert 1950 hul vermoë om studente te huisves, verdubbel, maar kon nogtans nie bybly nie (Burn, 1971, p. 7 — 8).

Universiteite in Suid-Afrika het hierdie getalleaanslag ook nie vrygespring nie. Waar daar in 1950 18 410 studente aan residensiële universiteite gestudeer het, was die syfer in 1960, vir

blanke studente alleen, 30 011 en in 1973 65 150 (R.S.A., 1974a, p. 23 — 24). As in gedagte gehou word dat die swart skoolbe= volking in die tydperk 1954 - 1976 byna vyfvoudig tot 4 miljoen (Hartshorne, 1977, p. 89) gegroei het, kan verwag word dat univer= siteite vir swartes in die toekoms ook die probleem sal onder= vind.

Die PU vir CHO is die laaste drie dekades ook gekenmerk deur ŉ geweldige toename in studentetal. In 1950 was daar 762 ingeskre= we studente, in 1960 1 781 (Van der Vyver, 1969, p. 245) en in 1978 is daar 6 621.

Meer studente beteken meer en groter universiteite. Om ekonomie= se redes, soos duur apparaat en boeke wat aangeskaf moet word, word bestaande universiteite, verder vergroot (Robbins, 1966, p. 8).

Die groot universiteit bring weer sy eie probleme mee:

* Die studente het belangstellings in ŉ groot verskeidenheid rigtings en die kurrikulum moet uitgebrei word om aan hul be= hoeftes te voldoen - soms met leerstof van twyfelagtige aka= demiese geldigheid (Kerr, 1969a, p. 10).

* Dit is baie moeilik om die groot universiteit te bestuur. Daar is soveel verskillende doelstellings binne die univer= siteit dat dit somtyds bots. Dit is verder baie moeilik om die personeel as ŉ span te laat saamwerk en die administrasie verg veel van akademiese personeel (Kerr, 1969a, p. 13). Die geweldige groeitempo maak toekomsbeplanning ook moeilik.

* Die groot universiteit het te doen met ŉ baie meer heterogene groep studente as in die verlede. Dit skep probleme in die lesinglokaal waar studente van verskillende akademiese poten= siaal onderrig moet word. Daar word derhalwe al sterker ge= let op die onderrigbevoegdheid van dosente.

* Die moderne, groot universiteit bied so 'n groot verskeidenheid kursusse aan dat voorligting oor studierigtings 'n noodsaaklik=heid geword het. Die universiteit kan nie meer doeltreffend funksioneer sonder 'n uitgebreide studente-voorligtingsburo nie. So 'n buro moet ook probleme ondervang wat onder meer spruit uit ondoelmatige onderwysmetodes. Van der Stoep (1973, p. 54) verklaar dat daar weinig twyfel is dat die tradisionele doseer=handelinge te kort skiet in die moderne onderwyssituasie wat totaal ander eise as in die verlede stel.

* Die groot getalle bring probleme vir die dosent mee. Die do=sent is veronderstel om bevoeg te wees om onderrig te gee, te eksamineer en navorsing te doen. Hy het egter nie opleiding ontvang om te organiseer, te bestuur en te beplan nie. Word mense van buite die universiteit aangestel om die werk te doen, het hulle nie die nodige kennis van die kurrikulum en navorsing nie (Van Riessen, 1976, p. 42). Dit is deesdae ook moeilik om dosente in toegepaste wetenskappe, wat direk ska=kel met statusprofessies, in die hande te kry. In die profes=sie self is die dosent finansieel beter daaraan toe as op uni=versiteit (Van der Stoep, 1973, p. 48).

### 2.7.3 "KENNISONTPLOFFING"

Die universiteit as plek vir geleerdheid word besonder beïnvloed deur die geweldige kennistoename; 'n verskynsel waarvoor hy van=uit sy wese en arbeid in 'n groot mate self verantwoordelik is.

Die kennistoename het 'n kennisnywerheid tot gevolg. Dit deurdring alle sektore van die samelewing en betrek meer en meer mense wat al beter en beter gekwalifiseer is. Die produksie, verspreiding en verbruik van kennis is verantwoordelik vir 29 % van Amerika se totale nasionale produk. Volgens Kerr (1969b, p. 165) doen die kennisnywerheid tans wat die spoorweë in die laaste helfte van die vorige eeu en die motorvoertuig in die eerste helfte van hierdie eeu gedoen het, naamlik om te dien as fokuspunt van na=sionale groei.

Nuwe kennis impliseer noodwendig dat sommige kennis verouder of

in onbruik raak. Baie van die kennis wat op universiteit opgedoen is, is nie van blywende waarde nie en die stemme om voortdurende onderwys word al sterker. Die universiteit kry dus 'n verantwoordelikheid by, naamlik om nuwe kennis aan afgestudeerdes beskikbaar te stel. Dosente het ook die geweldige taak om hulle voortdurend te vergewis van nuwe kennis.

2.7.4 SPESIALISASIE EN NAVORSING

Die geweldige toename in kennis het noodwendig spesialisasie tot gevolg. Die dosent moet spesialiseer as hy 'n gesaghebbende wil wees en meer en meer gespesialiseerde kursusse vir studente word voortdurend ingestel.

Die belangrikheid van nuwe kennis beteken dat meer en meer klem op navorsing binne die universiteit, as die mees produktiewe milieu vir die ontdekking van nuwe kennis geplaas word (Kerr, 1969a, p. 12).

Navorsing het vir die ekonomie van 'n land baie groot waarde en die privaatsektor en die staat bewillig ook groot bedrae geld vir navorsing. Dit bring die universiteit naby, vir sommige té naby, aan die gemeenskap.

Soos die wetenskap en tegnologie ontwikkel, word navorsing baie kompleks en vir die enkel wetenskaplike is dit feitlik onmoontlik om 'n betekenisvolle bydrae te lewer. Die eensame ondersoeker is vervang deur die navorsingspan en die proses sal nie meer omgekeer kan word nie (Miescher, 1969, p. 101).

Hedendaagse navorsing aan universiteite vereis benewens spanwerk ook professionele navorsingsopleiding en toesig oor die besteding van die groot somme geld vir navorsing. Die donateurs wil die resultate van die navorsing sien en koördinasie van navorsing is dus nie net 'n akademiese saak nie, maar ook 'n finansiële beheer oor navorsing. Dit is nie net noodsaaklik omdat daar sulke groot somme geld by betrokke is nie, maar ook om die gevaar van duplisering van navorsing te vermy. Die individu kan ook nie meer

kies watter soort navorsing hy wil doen nie, maar moet by die span inval (Miescher, 1969, p. 102 – 103).

As gevolg van ontwikkelinge op die tegnologiese en natuurweten=skaplike gebied raak duur apparaat gou verouderd. Geld moet ook gevind word om duur, nuwe apparaat aan te koop (Pauw, 1975, p. 103).

2.7.5 FINANSIES

Die toename in studentegetalle tesame met die inflasionêre druk in die ekonomie het 'n krisis in universitêre finansiering tot gevolg. Opleiding word ook steeds duurder weens die erosie van geldwaarde en toenemende gespesialiseerdheid. Dit bring mee dat die opleidingskoste per student vinnig toeneem. Finansierings=bronne, wat onder dieselfde inflasionêre druk staan, neig om skenkings en subsidies in te kort. Daar ontstaan gevolglik druk op die universiteit om groter doeltreffendheid, maar teen 'n laer koste (Marais, 1975, p. 4). Die hoë koste verbonde aan massa-hoër-onderwys laat opnuut vrae ontstaan soos: Wie moet betaal? Watter gedeelte moet die student en watter gedeelte moet die ge=meenskap betaal? Watter persentasie van die nasionale produk moet na hoër onderwys gaan? (Burn, 1971, p. 8).

Die Suid-Afrikaanse universiteite worstel ook met bogenoemde pro=bleme. Waar die staat in 1964 subsidies ter waarde van R15,9 miljoen aan universiteite gegee het, het dit in 1972 R65,8 mil=joen bedra (R.S.A., 1974a, p. 553 en 570). Die staat het in 1964 R526 per student bestee (R.S.A.,1974a, p. 564) terwyl die syfer in 1978 meer as R2 000 bedra het. In 1968 het 0,35% van die nasionale inkomste aan hoër onderwys gegaan terwyl dit in 1972 reeds 0,60% was. In 1973 het die staat reeds 74,4% van die universiteite se inkomste voorsien (R.S.A., 1974a, p. 570 – 571), en blykbaar is die einde nog nie in sig nie.

Omdat die gemeenskap via die staat so 'n groot bydrae tot die on=derhouding van die universiteit moet lewer, begin die staat, die ouers en studente al meer gewettigde vrae stel oor die algemene

doeltreffendheid van die akademiese verloop (Marais, 1975, p. 5). Die gewone landsburger, maar veral die ouer en student, meet doeltreffendheid veral aan die slaagsyfer. Dit is die een uni=versitêre aspek wat gemeet kan word en waarby die ouer en stu=dent geweldig belang het. Die universiteit moet aan hierdie as=pek deeglik aandag skenk, veral met die oog op sy beeld na buite.

## 2.7.6 EISE VAN DIE GEMEENSKAP

Soos die universiteit gedemokratiseer is, het dit betrokke geraak in al die aspekte van die lewe in die gemeenskap om hom. Dit is nie meer die ivoortoring op die buiterand van die gemeenskap nie, maar staan midde in die wel en wee van die gemeenskap (Kerr, 1969a, p. 10).

Die universiteit bekommer hom nog enersyds oor die gemeenskap, maar die gemeenskap bekommer hom andersyds oor die universiteit, want die universiteit is tans 'n belangrike deel van die gemeen=skap. Baie mense en instansies in die gemeenskap is ook nou di=rek betrokke by die universiteit.

Die staat finansier die universiteit grootliks en verwag dat die universiteit sal meehelp in nasionale ontwikkeling. Dit bring ook mee dat 'n nuwe balans gesoek moet word tussen die outonomie van die universiteit en sy openbare verantwoordelikheid (Burn, 1971, p. 9).

Die tegnologiese gemeenskap plaas 'n hoë premie op onderrig vir die arbeidsmark. Beroepsgerigtheid en spesialisering word van die moderne universiteit verwag. Die wetenskaplike nywerheid=stelsel dreig om die universiteite te omvorm tot 'n versameling professionele skole en om die akademiese gemeenskap te oorstroom (Floud, 1965, p. 22 — 23). Die wetenskaprevolusie plaas die universiteit onder geweldige druk. Die akademiese stelsel wat tradisioneel stadig op verandering reageer, moet nou deurlopende vernuwing inlyf en verseker (Marais, 1975, p. 5).

Die universiteit wat tradisioneel klem op basiese navorsing

geplaas het, word nou toenemend in die rigting van toegepaste na=vorsing gedwing om die komplekse sosiale, ekonomiese en tegnolo=giese probleme op te los.

Die druk wat op die universiteit uitgeoefen word om gemeenskaps=diens te lewer word al sterker. Dit manifesteer hom in eise om spesiale navorsingsprojekte, spesiale opleidingsprogramme en tegniese dienste. Volgens Fincher (1974, p. 107) word dit onder meer van die universiteit verwag om "polisie-wetenskaplikes" op te lei om misdaad op te los en "brandweerwetenskaplikes" om vure te blus. Charlier (1969, p. 52) eis dat die universiteit heel=temal betrokke moet wees by die gemeenskap as hy doeltreffend wil wees. Sy opvoedkundige filosofie en doelstellings moet hier=die deelname weerspieël. Dié filosofie moet lewensvatbaar bly sodat dit voortdurend die gemeenskap kan dien. McGarrah (1969, p. 46) stel voor dat die universiteit as bestuurskonsultant vir die sakebedryf en nywerheid moet optree. Die verskillende fakul=teite aan die universiteit moet hul pogings en talente kombineer vir beter dienslewering.

Die ouergemeenskap en studente stel ook hul eise. Ouers verwag behoorlike toesig en veral dat hul kinders sal slaag. Studente soek relevantheid in opleiding - dié relevansie beteken baie keer net praktiese nut. Studente-eise het in oorsese lande die uni=versiteite in 'n krisis gedompel maar in Suid-Afrika is dit ons tot dusver grootliks gespaar gebly.

Kerr (1969a, p. 12 - 13) betoog dat die baie groepe in die gemeen=skap wat belang het by die universiteit eintlik in konflik kom. Elke groep verwag diens van die universiteit en meer en meer mense het iets te sê oor wat die universiteit te doen staan.

Die universiteit word versnipper deur beroepsgerigtheid, spesia=lisasie en eise van die gemeenskap. Die PU vir CHO kan in hier=die probleemsituasie dankbaar wees dat hy 'n beginsel het wat hy in alle studierigtings aan alle studente wil gee. Op hierdie wyse kan eenheid bewerkstellig word.

## 2.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ter inleiding die ontstaan en ontwikkeling van die universiteit geskets.

Dit blyk dat die universiteit in die Middeleeue sy beslag gekry het as 'n universitas, 'n gemeenskap van leermeesters en leerlinge. Die Middeleeuse universiteit leef vandag nog voort in sake soos die outonomie van die universiteit, kritiese denke, opvoeding en beroepsvoorbereiding.

In die sewentiende eeu het die universiteit 'n laagtepunt bereik omdat dit net wou oorlewer en nie na nuwe kennis wou soek nie. Hierna het 'n oplewing egter begin wat in die negentiende eeu 'n hoogtepunt bereik het. Veral die natuurwetenskappe het gebloei weens die navorsing deur gekontroleerde waarneming.

Die universiteit wat deur die eeue 'n Christelike instelling was, het in die agtiende eeu begin ontkersten. Vandag is die Christelike universiteit die uitsondering.

Die wese, doel en funksies van die universiteit is ook in oënskou geneem. Dit blyk dat die eise aan die universiteit deur die eeue verander het. Die universiteit het verander onder druk van die gemeenskap en vandag verskil die wese en funksies van universiteite in verskillende lande in 'n sekere mate. So byvoorbeeld het die universiteite in Amerika 'n baie sterk gemeenskapsdiensfunksie. Basies is die funksies van alle universiteite egter opvoeding, onderrig, navorsing, beroepsvoorbereiding en as uitvloeisel hiervan, gemeenskapsdiens.

Die ontstaan en ontwikkeling van die PU vir CHO is kortliks nagegaan sodat sy wese en funksies in die regte perspektief gesien kan word. Die PU vir CHO is 'n Christelike universiteit wat die wetenskap wil beoefen in die lig van die Woord. Dié universiteit het dieselfde funksies as ander universiteite, maar is tog verskillend omdat hy 'n besondere siening het oor die oorsprong, wese en bestemming van skepsel en skepping. In alles moet God se eer

gesoek word.

Die probleme wat die hedendaagse universiteit ondervind is in oënskou geneem om só die relevansie van hierdie ondersoek te be= klemtoon. Dit blyk dat vanweë die demokratisering van die onder= wys universiteite feitlik oorstroom word met studente. Dit bring kurrikulumuitbreiding mee, nuwe geriewe moet geskep word, die administrasie en organisasie word al meer uitgebreid en die stu= dente is 'n minder geselekteerde groep wat weer vir die dosent onderrigsprobleme skep.

Die kennisontploffing stel groot eise aan die universiteit. Dit is al moeiliker om op die voorpunt te bly en gespesialiseerde navorsing word vereis. Finansieel kry die snel uitbreidende universiteit swaar en die gemeenskap soek in die universiteit waarde vir sy geld. Die universiteit moet produktief wees en vir die gewone burger beteken dit in die eerste plek dat studente die kursusse waarvoor hulle inskryf, moet slaag.

Teen die agtergrond van die voorgaande word akademiese produkti= witeit van universiteite vervolgens van nader beskou.